

HOOFSTUK 2

HISTORIESE OORSIG

2.1 Inleidend

Die godsbegrip onderliggend aan die Presbiteriaal-sinodale stelsel gaan prinsipiëel uit van 'n optimistiese godsbeskouing wanneer Jesus Christus as Hoof van die kerk en Heer van die wêreld bely word. Daarnaas impliseer dié uitgangspunt 'n pessimistiese mensbeskouing, 'n mens wat in sonde geval en daaruit alleen deur Jesus Christus uit genade verlos kan word. Dit is juis wat in die Presbiteriaal-sinodale stelsel gevind word wanneer gestel word dat die hoekpilaar van dié kerkregtelike stelsel saamgevat word in die feit dat Jesus Christus Hoof van die kerk, en Heer van die wêreld is. Die feit word in die Kerkorde bely wanneer gestel word '[a]mpsdraers is dienaars van Jesus Christus, die enigste Hoof van die kerk' (NHKA 2001: 36; Van Wyk 1991: 175). Van 't Spijker (1987: 432) wys daarop dat Martin Bucer die eerste van die reformatore was wat dié uitgangspunt op die regering van die kerk van toepassing gemaak het. 'Bucer was de eerste, die het beginsel van de Christusregering toepaste op de kerk, en die daarmee de gedachte, dat Christus het Hoofd van zijn gemeente is hanteerde in het afwijzen van elk hiërarchisch getint vicariaat enerzijds,...'.

Daaruit vloei voort dat wanneer die Hoof en Heerskap van Jesus Christus op die wyse aan die orde gestel word, 'n wesenlike uitgangspunt van die belydenis van die kerk ter sprake kom. Alhoewel die kerklike orde nie 'n bykomende belydenis van die kerk is nie, dra dit 'n belydende karakter. Dit onderskei 'n kerklike orde ook sonder meer van die konstitusie van 'n vereniging, wat op bestuur ingestel is. 'Een organisatie, die op besturen en niet op belijden is ingesteld, mag die naam niet dragen' (Noordmans 1984: 431; 1984: 446). 'n Verdere opmerking van dieselfde skrywer in die verband is die volgende: 'Als de ouderling bestuurslid is, wordt de predikant ambtenaar' (1984: 446). Wanneer Noordmans (1984: 444) daarop wys dat kerklike denke die voorwaarde is vir kerklike orde, bedoel hy dat daar verband bestaan

tussen belydenis en organisasie. Daarom is dit begryplik dat die Nederduitsch Hervormde Kerk in sy Algemene Kerkvergadering bevestig dat die Presbiteriaal-sinodale stelsel die kerkregtelike vormgewing is waarbinne die Kerk sy roeping in die wêreld sal uitleef.

Die belydende karakter van die Presbiteriaal-sinodale stelsel, dat Jesus Christus Hoof van die kerk en Heer van die wêreld is, dui die episkopale sowel as independentistiese of kongregasionalistiese stelsels van kerkregering as onbruikbaar aan. Kenmerkend van die episkopale stelsel is die wesenlik hiërargiese aard daarvan wat die kerkvolk verdeel in geestelikes en leke. Die pous van Rome as die hoof van die Rooms-Katolieke Kerk beklee 'n gesagsposisie as opperherder wat ook beteken dat die kerk gesag oor die burgerlike owerheid voer. Alhoewel biskoppe ook gesag uitoefen is hulle tog aan die gesag van die pous ondergeskik. Hierdie vorm staan bekend as die monargale episkopaat. Daar bestaan ander variante van die stelsel wat hier met rus gelaat word (Van 't Spijker 1990a: 301).

Die independentisme of kongregasionalisme is verskillende aanduidinge vir dieselfde saak. Die kongregasionalisme dui op die gemeente as uitgangspunt wat as sodanig die draer is van alle kerklike gesag. Die lede van die gemeente het die bevoegdheid om alle sake selfstandig te hanteer. Die naam independentisme dui daarop dat die gemeente nie van 'n biskop of 'n sinode afhanklik is nie, terwyl in breëre sin die onafhanklikheid ten opsigte van belydenis en kerkverband ook 'n rol speel (Van 't Spijker 1990b: 313). Bronkhorst (1947: 245) sien die kerkbegrip van die independentisme soos volg: 'Kenmerkend voor het kerkbegrip der Independenten is al dadelijk, dat het accent valt sterk op de onzichtbare Kerk. Slechts de waarlijk wedergeborenen, de beproefde Christenen, kunnen tot de Kerk worden gerekend'.

Miskien is dit goed om ook die volgende mening van Balke (1992: 119) oor die saak te oorweeg:

Er is maar een smalle weg tussen episcopalisme en congregationalisme. Het episcopalisme zoekt de uniciteit en de katholiciteit te garanderen door een strakke en hiërarchiese kerkvorm. De waarheid word er onder bedolven terwyl de liefde er binnen verkilt....

Het congregationalisme meent met een beroep op de vryheid des Geestes over te kunnen gaan tot vrye gemeentevorming, die ieder iets vertonen van de veelkleurige eenheid en katholiciteit van de kerk. Echter de waarheid word gedegradeerd tot deelwaarheid, tot groepswaarheid. En de liefde gaat op in de warmte binnen de eigen groep....Het congregationalisme gaat uit van groepen van gelovigen (congregations), die zich dan kerkelyk organiseren. Het ideaal is: vrye zelfstandige gemeenten van ware gelovigen te vormen, die alleen Jezus Christus als Hoofd erkennen. Men wil vry zijn van de staat, vry van bisschoppen, vry van synodale inmenging, vry van iedere dwang van buiten of van boven af. Men verwerpt de belijdenis en de ambten. God is immers Zelf de herder van Zijn kudde.

Uit bogenoemde verwysing na die episkopale sowel as na die independentistiese of kongregasionalistiese stelsels van kerkregering, is dit duidelik waarom die presbiteriaal-sinodale stelsel van kerkregering in die Calvinistiese dampkring na vore gekom het as vrug van die Reformasie, met besondere verwysing na die vormende denke van Johannes Calvyn (1509-1564). Selfs die kerkregtelike stelsel wat in die Lutherse denke vorm aanneem en deur die uitgangspunt *cuius regio, eius religio* bepaal is, is deur die Presbiteriaal-sinodale stelsel as 't ware gekorrigeer. Dit is ook duidelik dat die nahou van 'n bepaalde kerkbegrip bepalend is vir die kerkregtelike sisteem wat deur sodanige kerkbegrip vergestalt word. Die Nederduitsch Hervormde Kerk is van oortuiging dat die Presbiteriaal-sinodale stelsel diensbaar is in die belydenis dat Jesus

Christus Hoof van die Kerk en Heer van die wêreld is en gevolg gee aan die roeping van die Kerk wat op die titelblad van die Kerkorde onder andere stel: 'Die roeping van die kerk is om die blye boodskap van Jesus Christus, die gekruisigde en opgestane Heer, as die enigste Verlosser te bely en in die wêreld te verkondig' (NHKA 2001: titelblad).

2.2 Die ontstaan, verloop en vorming: 'n stelsel op Calvinistiese lees geskoei

Die vraag na die herkoms van die Presbiteriaal-sinodale stelsel van kerkregering, verplaas die gedagtegang terug na die Reformasie, na die ordenende denke van Johannes Calvyn. 'Dit was Calvyn, as hervormer van die tweede generasie, wat die voorafgaande dinkwerk saamgevat het en 'n kerklike orde ontwerp het wat bepalend vir die denke van die Calvinistiese kerke geword het' (Van Wyk 1991: 4). Wanneer dit so gestel word, beteken dit nie dat die bydraes van ander uitgesluit is, of dat Calvyn geen invloed van tydgenote ondergaan en verdiskonteer het nie. Verskillende skrywers beklemtoon egter die belangrikheid van die beginselvaste dinkwerk van Johannes Calvyn (Van Wyk 1991: 4).

Beklemtoning van die belangrike denkarbeid van dié hervormer verplaas die aandag meteen na Genève waar hy werksaam was, en 'n besondere bydrae gelewer het om in omstandighede eie aan sy tyd, vormende dinkwerk te verrig met die oog op die daarstelling van 'n kerklike ordening.

Dié eerste kerklike orde wat grootliks die resultaat was van die invloed en insig van Calvyn word op 9 November deur die Raad van Tweehonderd en op 20 November 1541 deur die Algemene Raad goedgekeur. Plomp (1969: 166) gee daaraan uitdrukking wanneer hy sê:

De neerslag van deze wordingsgeschiedenis van de *Ordonnances ecclésiastiques* kunnen wij volgen van concept tot *textus receptus*. Het concept, door Calvijn zelf

geschreven, bevindt zich in het archief van de stad Genève. In margine en in de tekst zijn toevoegingen aangebracht, zinnen geschrapt en uitdrukkingen vervangen, door een andere hand: die van de man die in die tijd gewoonlijk de notulen van de raadsvergaderingen verzorgde, secretaris Pierre Ruffi.

Die besondere betrokkenheid van Calvyn nadat hy na Genève teruggeroep is, word ook in 'n brief aan Farel gereflekteer. Hy beklemtoon eerstens die noodsaak van 'n kerkorde om dissipline te handhaaf wanneer hy skryf: 'Toen ik de Raad mijn diensten aanbod, deed ik dat met de wetenschap, dat een kerk niet kan bestaan, wanneer niet een tucht wordt ingevoerd, zoals deze in het Woord des Heeren ons is voorgeschreven en in de oude kerk in acht genomen is'. Verder kom sy betrokkenheid in die opstel van die Geneefse Kerkorde ook aan die lig met die volgende meedeling: 'Zes werden er benoemd. We gaan nu de gehele kerkenorde in artikelen opzetten, welke aan de Raad zullen worden voorgelegd' (Kuijt 1986: 96).

Dié uitspraak van Calvyn dui aan dat die basiese beginsel van waaruit hy redeneer daarop neerkom dat die noodsaak van 'n kerkorde deur die Skrif gegee word. Uit die brief is onder andere ook duidelik dat die kerklike dissipline deur Calvyn belangrik geag word.

Die mening dat Calvyn verantwoordelik was vir die kerkorde van Genève wat in 1541 goedgekeur word, is dus nie vergesog nie, maar tóg genuanseerd. Die Raad het sy pleidooi om orde in die stad simpatiek bejeën en ses lede van die Raad daarvoor afgesonder, wat saam met Calvyn, asook Viret, De la Mare, Bernard en Champereau, almal predikante, deel uitgemaak het van die kommissie om 'n kerkorde daar te stel (Plomp 1969: 166).

Die Ordonnances Ecclésiastiques is op 20 November 1541 voorgelees nadat die burgery van Genève met trompetgeskal en klokgelui na die St

Pierre-kerk opgeroep is. Calvyn was van mening dat die kerk met die burgerlike owerheid moet saamwerk, daar eersgenoemde die taak gehad het ten opsigte van 'die godsdienstige én maatskaplike lewe van die volk, wat kragtens die doop, ook volk van die verbond is. Die owerheid moes die riglyne van die kerk volg en met die owerheidsgesag en die swaardmag die ware diens van God bevorder en beskerm' (Pont 1981: 21).

Wanneer díé kerkorde krities gelees word, is dit opvallend hoe ver die invloed van die burgerlike owerheid in die kerkorde strek. 'n Kandidaat wat as bedienaar van die Woord toegelaat word, lê ook die eed af om die kerklike orde 'soos dit deur die Klein en Groot Raad saam met die algemene burgervergadering van hierdie stad vasgestel is, te onderhou....' (Pont 1981: 25). Die invloed van die burgerlike owerheid blyk ook uit die samestelling van die visitasiekommissie wat bestaan het uit twee lede van die Raad, en twee lede van die predikantevergadering. Die doel waarvoor visitasie ingestel is, naamlik om onder andere vas te stel of die dienaar van die gemeente nie een of ander nuwe leer wat in stryd met die suiwere evangelie is, voorgedra het nie, maak die samestelling nog meer merkwaardig (Pont 1981: 27). As derde voorbeeld is dit opvallend dat die ouderlingslede van die kerkraad uit die rade van die owerheid gekies moes word. 'Afhangend van hoe dit met die kerk gestel is, moet as ouderlinge twee lede van die Klein Raad, vier lede van die Raad van Sestig en ses lede van die Raad van Tweehonderd gekies word' (Pont 1981: 29).

Die teenwoordigheid en invloed van die burgerlike owerheid in kerklike sake het deurgaans 'n ongemaklike situasie gebly en vorm ook deel van die Dordtse Kerkorde van 1618-19, artikels IV, XXXVII, en L, as die sogenaamde patronaatsreg (Kersten 1980: 177, 184, 187). Die volle deurwerking van die invloed van die owerheid in kerklike sake word waarskynlik die duidelikste beleef in die Algemeen Reglement van 1816.

Positief beskou, word swaar klem gelê op die dienswerk van die bedienaar van die Woord, daar artikels 4 tot 42 daaraan gewy word. Deel een van die kerkorde beslaan artikels 4 tot 68, deel twee artikels 69 tot 140, terwyl die derde deel van die kerkorde uit artikels 141 tot 166 bestaan (Pont 1981: 21). Laasgenoemde derde deel handel hoofsaaklik oor die kerklike tug. Diakens vorm nie deel van die kerkraad nie, en word in twee groepe verdeel, naamlik die diakens wat die armes, en die wat die siekes moes versorg. Dit is ook so dat dié kerkorde hoofsaaklik bestem was vir die stad Genève. Daarom is hier ook nie sprake van meerdere vergaderings nie (Pont 1981: 22).

Huisbesoek vind hier sy oorsprong, en verklaar waarom huisbesoek steeds in Ordinansies 2.1.5 (ii), 2.3.3 en 2.3.4 kerkordelik in die Kerkorde van die Nederduitsch Hervormde Kerk verwoord is (NHKA 2001: 23, 34). Artikel 148 van die Ordonnances Ecclésiastiques stel die saak soos volg:

Aangesien in die verwarring van die pousdom baie mense in hulle jeug nie onderrig is nie, in so 'n mate dat daar vandag mans en vrouens is wat nie weet wat die Christendom (Chrestienté) is nie, het ons besluit om elke jaar die huise van elkeen te besoek om op 'n eenvoudige wyse die geloof van elkeen te ondersoek, sodat niemand na die nagmaal sal kom wat nie minstens weet wat die grondslag van sy verlossing is nie (*le fondement de son salut*).

(Pont 1981: 42)

Dit was ook duidelik dat die gesprek tydens huisbesoek 'n toegespitste inhoud gehad het wat nie net oor 'n gebrekkige kennis van die leer van die kerk gegaan het nie, maar ook gevolge vir die lewe van die gemeente gehad het. Artikel 150 formuleer dit so:

Elke dienaar sal saam met een ouderling van die kerkraad huisbesoek doen. Hulle altwee moet met mekaar ooreenkom

wie van die lidmate voor die kerkraad moet verskyn, die één omdat by hom die nodige kennis ontbreek om die nagmaal te kan ontvang, die ander omdat hy hom sleg gedra het.

(Pont 1981: 42)

Die kerkordende maatreëls wat vir die kerk in Genève getref is, spoel oor na ander dele van die destydse wêreld. 'n Gemeente ontstaan in Parys sedert 1555 wat beskik oor drie predikante, naamlik Jean le Macon, Francois de Morel en Antoine de Chandieu. Wanneer de Chandieu in 1557 na Poitiers gaan om kerklike vraagstukke te hanteer, loop dit daarop uit dat 'n poging aangewend word om 'n eerste kerklike orde op te stel:

Hierdie ontwikkeling het meegebring dat op 25 of 26 Mei 1559 'n eerste sinodale vergadering van al die Franse gemeentes in Parys gehou is. Die voorsitter van hierdie vergadering was Francois de Morel, en op dié vergadering was daar verteenwoordigers van die kerkrade van 72 Franse gemeentes.

(Pont 1981: 48)

Tydens hierdie vergadering word 'n kerkorde opgestel wat bekend staan as die *Discipline Ecclésiastique* 1559, en sy oorsprong vind in die eerste poging om 'n kerkorde van 1557, sowel as die *Ordonnances Ecclésiastiques* van 1541 uit Genève (Pont 1981: 48).

Dit is die eerste Calvinistiese kerkorde wat bindend is op 'n verskeidenheid van gemeentes. Hier kom dus die verhouding tussen die plaaslike gemeente en die sinode ter sprake, wat 'n permanente intrek sou neem in kerkordes wat uit die Calvinistiese kerkordelike denke spruit, asook die vraag na die verhouding en gesag van kerkrade en sinodale vergaderings. Balke (1992: 123) lewer die volgende insiggewende kommentaar op die ekklesiologie wat in die denke van Calvyn ter sprake kom:

Zo profileert Calvijn een ecclesiologie, die verregaand een theologie van de plaatselike gemeente is, die als zodanig een volwaardige kerk van God is. Deze plaatselike gemeentes vorme saamen de universele kerk, die overigens de universaliteit niet dankt aan een sentrale regering, maar aan die convergentie van het goddelike predestinatiaanse handelen, die uitkomt in die menselike bereidheid ooreen te stemmen in het rechte geloof en het rechte leven.

Pont (1981: 48) maak die volgende opmerking oor die situasie wat met die invoering van 'n sinodale vergadering ter sprake kom:

Die groot waarde van hierdie kerkorde lê dáárin dat dit die eerste poging is om vanuit die Calvinistiese kerkordelike denke 'n kerklike orde te skep vir 'n nasionale kerk. Hier word dus 'n orde geskep wat ál die gemeentes saamvat in één, geordende geheel en waar die geestelike regering van Jesus Christus, die Heer van die kerk, deur middel van sy diensknegte, die ampsdraers, uitgespel word. Hier word die beginsel neergelê dat al die gemeentes alle sake van gemeenskaplike belang op die sinodale vergadering sal beslis, terwyl die plaaslike gemeente as 'n selfstandige, maar nié outonome onderdeel van die geheel, deur die plaaslike kerkraad onder leiding van die Woord en die Gees regeer word.

Die verhouding tussen sinode en plaaslike gemeente het 'n sensitiewe saak gebly tot op hede. Wesenlik poog die Calvinistiese kerklike reg om nie toe te gee aan die versoeking om óf volledig in die rigting van die episkopalisme, óf in die rigting van die independentisme te gaan nie. Kwalitatief is besluite van meerdere vergaderings nie op hoër vlak as die van kerkrade in gemeentes nie, aangesien beide onder leiding van die Woord en Gees geneem word. Besluite van meerdere vergaderings is

houdbaar, nie omdat die meerderheid so besluit het nie, maar óók en verál omdat dit onder leiding van die Woord en Gees geneem word. Die sigbaarheid van die vergadering en sy lede, asook die grootte van sinodale vergaderings, mag nie die invalshoek word om demokraties aan die hand van meerderhede te dink nie.

Die eerste artikel van die Discipline Ecclésiastique is die sogenaamde anti-hiërargiese beginsel wat funksioneer teenoor die episkopalisme, en hier stel dat geen gemeente voorrang of heerskappy teenoor 'n ander gemeente geniet nie (Pont 1981: 50). In latere kerkordes (vgl. Emden, Artikel 1) is dit uitgebrei om ook die ampte in te sluit en word sodanig geformuleer in Ordereël 3 van die Kerkorde van die Nederduitsch Hervormde Kerk. 'Om hierdie opdrag uit te voer, kom hulle in vergaderings van ampte byeen. Sodoende heers die een gemeente nie oor die ander, die een amp nie oor die ander en die een ampsdraer nie oor die ander nie' (NHKA 2001: 36). Die feit dat die beginsel in die Discipline Ecclésiastique neerslag vind, is waarskynlik 'n maatreël om die *aequalitas*, 'die gelijkheid in rang en rechten zowel tussen kerken als ambtsdragers' te bevestig teenoor die Roomse hiërargie (Plomp 1971: 89; Jansen 1952: 79). Na aanleiding van die uitgangspunt dat geen gemeente vir hom voorrang of heerskappy oor ander kan aanmatig nie, maak Pont (1981: 49) die volgende opmerking:

Die plaaslike gemeente word dus gewaardeer as *die normale, gewone verskyningsvorm van die kerk op aarde*. Die feit dat hierdie gemeente in 'n gemeenskaplike verband met ander gemeentes leef en bestaan, tas nié sy selfstandigheid aan nie, maar is 'n waarborg vir die blywende voortbestaan en welstand van dié gemeente. Dit is dus duidelik dat plaaslike gemeente in hierdie kerkregtelike sisteem altyd aanvaar moet word as 'n gemeente wat in dié sake wat die algemene belang van die gemeenskap van die kerk nie direk raak nie, selfstandig is om, gelei deur die Woord en Gees van God,

sy eie selfstandige besluite te neem. Juis hierdie beklemtoning van die eie verantwoordelikheid van die plaaslike gemeente naas sy verbondenheid aan die gemeenskap van die kerk, het die Calvinisme 'n weerbaarheid en lewenskragtigheid gegee waardeur dit in staat was om al die vervolgings en storms wat oor die kerk en gemeentes gegaan het, te trotseer.

'n Tweede moontlikheid in diens van die anti-hiërargiese beginsel was die reëling dat die voorsitter van die sinode by elke sitting gekies word, maar sy verkiesing verval na afloop van die vergadering, wat beteken dat hy nie as voorsitter na afloop van die vergadering gekontinueer word nie (Pont 1981: 50). Hiermee is die rotasiebeginsel ingevoer, wat daarna in Calvinistiese kerkordes teruggevind word. Die rotasiebeginsel is ook in die Kerkorde van die Nederduitsch Hervormde Kerk op sinodale, rings-, en by gemeentelike vergaderings van die ampte, ingevoer sedert die Kerkorde 1997.

Derdens het diakens ook sitting op die sinodale vergadering geneem wat in lyn was met die inhoud van die Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 30 wat stel '...ook ouderlinge en diakens, om saam met die herders die kerkraad te vorm' (NHKA 1997: 128).

Artkels 1 tot 5 handel oor die vergaderings. Daarna kom die ampte ter sprake wat vanaf artikel 6 tot 25 bespreek word. Die amp van die bedienaar van die Woord word as 'n lewensroeping beskou (Artikel 12), wat op die totale lewenstyd van hom wat tot die diens beroep is, beslag lê. Artikel 26 tot 32 handel oor die kerklike dissipline, 33 tot 38 oor die huwelik en 39 tot 40 oor die onderworpenheid aan die meerdere vergadering en die gesag van die kerklike orde (Pont 1981: 50-51).

Die verbreiding van die Calvinistiese kerk in Europa was ten spyte van besondere weerstand in volle gang, en sou nie gestuit word nie. Die invloed van Calvyn het nie tot Genève en Parys beperk gebly nie, maar

ook na Nederland, onder andere, versprei. Rutgers (1901: 5) wys daarop dat sy invloed op die Nederlandse nasie deur persoonlike kontak met wie hy in aanraking gekom het, deur sy geskrifte en deur sy kerklike adviese aan Nederlandse Gereformeerdes, plaasgevind het.

Wanneer die vormende denke en invloed van Calvyn in die reformatoriese kerkregtelike ontwikkeling sterk beklemtoon word, word daarmee by implikasie nie ander prominente persone uitgesluit nie. Van 't Spijker (1985: 6) wys op die feit dat Calvyn deur Luther, onder andere, beïnvloed is met die opmerking: 'Luthers invloed is permanent aanwezig. Ze is duidelijk af te lezen uit Calvijns geschriften tot 1536. Daarna blijft de invloed doorwerken. Maar zij is minder gemakkelijk aan te wijzen'. Naas die invloed van Luther is ook dié van Bucer aanwysbaar: 'Anrich, een van de meest bekwame biografen nog steeds, spreekt van Bucers kerkrechtelijke inzichten, als van een goddelijk kerkrecht, dat bij Calvijn terugkeert en zo in de gereformeerde traditie voortleeft' (Van 't Spijker: 1972: 9).

2.3 Ontwikkeling op Nederlandse bodem

Die Presbiteriaal-sinodale stelsel as vrug van die kerkregtelike denke van Johannes Calvyn (Pont 1981: 3; Plomp 1967: 14; 1971: 110), wat ook na ander Calvinistiese lande uitgebrei het, maak die kerkregtelike ontwikkeling wat op Nederlandse bodem gevolg het aktueel om die agtergronde van die kerklike reg in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika te verstaan. So is die kerkregtelike denke wat in Nederland plaasvind, die vindplaas en besondere verwysingsraamwerk vir die verstaan van die kerkreg in die hede.

Wanneer die kerkregtelike verloop in Nederland bestudeer word, kom die verskillende nasionale sinodes ter sprake. Die eerste van hierdie sinodes vind plaas by die Konvent van Wezel in 1568, en eindig by die bekende Sinode van Dordrecht in 1618-19. Die invloed van die Calvinistiese Hervorming het die Suidelike dele van Nederland die

eerste bereik, in die gebied wat vandag as België bekend staan. Hierdie Christene het egter swaar gebuk gegaan onder Roomse vervolging, en kan tereg as gemeentes onder die kruis tipeer word. Ten spyte van die vervolging en die feit dat baie lidmate moes vlug na die Noordelike dele van Nederland en selfs na Engeland, het hier tog gemeentes ontstaan wat selfs in sinodale vergaderings byeengekom het om bepaalde kerkordelike maatreëls te tref. Pont (1981: 55; kyk ook Hooijer 1865: 2-3) verwys daarna met sy volgende opmerking:

So het die Waalse Calvinistiese kerk in die suidelike Nederlande ontstaan uit Waalse gelowiges wat nié net in hulle geboorteplekke nie, maar ook in Oos- en Wes-Vlaandere gemeentes gevorm het. In die Vlaamse stede Doornik en Gent was daar spoedig groot gemeentes wat onder andere bedien is deur Boulius, 'n vriend van Calvyn, terwyl ander mense soos Johannes Utenhove en Martin Micron hulle beywer het vir die verbreiding van die Protestantisme.

'n Belangrike bydrae tot die hervorming wat in hierdie tyd na vore kom, is die Nederlandse Geloofsbelydenis wat in 1561 opgestel word deur Guido de Brès (1522-1567), 'n jong Calvinistiese predikant wat in Doornik sedert 1559 gewoon het. Daar vind in die tyd drie sinodale vergaderings plaas, die eerste op 26 April 1563 waarop die Nederlandse Geloofsbelydenis behandel en goedgekeur word. Finale goedkeuring geskied tydens die Sinode van Antwerpen in 1566. 'Hoewel dié geloofsbelydenis in 1566 by die sinode van Antwerpen finaal aanvaar is, is dit reeds op die provinsiale sinode wat op 26 April 1563 gehou is te Armentières goedgekeur en is daar bepaal dat alle ampsdraers dit moes onderteken' (Pont 1981: 56; kyk ook Hooijer 1865: 4).

Die vergaderings van die Waalse gemeentes onder die kruis was belangrik, omdat daar grondliggende Calvinistiese kerkordelike reëls

aanvaar is wat later op die sinodes van Noord-Nederland gegeld het (Pont 1981: 56; Hooijer 1865: 6).

Die Konvent van Wezel 1568 was 'geen Synode in kerkrechtelijke zin, geen vergadering van kerken, gerepresenteerd door deputaten,...Het was geen vergadering van kerken, gerepresenteerd door hare afgevaardigden, die als zoodanig kerkelijk karakter of kerkelijk gezag had' (De Jongh 1911: 28). Die vergadering het in alle waarskynlikheid deur Marnix van St Aldegonde se voorbereidende werk, buite die grense van Nederland in die Hertogdom van Kleef byeengekom. Dit was egter 'n voorlopige vergadering, 'want dit was nie saamgestel uit amptelike-gestuurde verteenwoordigers van kerkrade of meerdere vergaderings van die kerk nie, maar dit was slegs *leiers en woordvoerders* van die Nederlandse gemeentes wat daar vergader het' (Pont 1981: 70; Nauta 1961: 34). Die resultate van die Konvent was voorlopig van aard, en 'n volwaardige sinode word deur hulle in die vooruitsig gestel 'om eene Algemeene Provinciale Synode te vergaderen, om in dusdanige wettelijke Synode te beramen en te besluiten; wat in deze en andere zaken, tot gemeenen welstand der kerken dienende en tot onderhouding van zeer goede orde zal moeten worden gevolgd' (Pont 1981: 75; Kersten 1980: 11; De Jongh 1911: 29).

Die Konvent van Wezel vind plaas teen die agtergrond van bepaalde kerkordelike reëlings wat reeds getref is, en wat by dié geleentheid invloed op die gang van sake uitgeoefen het. Hier word gedink aan die Londense Kerkorde van 1554, asook die Geneefse Kerkorde van 1541 en die Franse Kerkorde van 1559. Daarnaas moet die invloed van die Waalse Sinodes van 1563-66 ook nie buite rekening gelaat word nie. Haitjema is van mening dat op die tafel van die Konvent van Wezel ook 'n eksemplaar van die *Ordonnances Ecclésiastiques* moes gelê het, voorgelê deur Herman Moded, tweede ondertekenaar van die Konvent, en waarskynlik ook sekretaris wat die verrigtinge op sy terugreis van Genève na Norwich in Engeland, bygewoon het (Haitjema 1951: 18; Nauta 1961: 36; De Jongh 1918: 106).

Die lang lys van dominee-sondes wat by Wezel na vore kom, dui op die invloed van die Geneefse Kerkorde (Haitjema 1951: 18; Van der Linde 1968: 220). Die inspraak van die Londonse Kerkorde van 1554 van Martin Micron word verrai deur die figuur van die profeet (Dankbaar 1956:71), wat waarskynlik deur die invloed van Zwingli en a Lasco vanuit die Londonse Kerkorde by Wezel inslag kry (Pont 1981: 72; Nauta 1961: 55; Van der Linde 1968: 214 verv.).

Artikels 29 en 30 het die posisie van die voorleser gereël. Daarin is bepaal dat 'n ouderling of diaken die plig gehad het om stukke uit die Skrif aan die gemeente voor die aanvang van die erediens voor te lees (Kersten: 1980: 21; kyk ook Schotel sj: 313 verv.).

Tweedens word by Wezel ook voorsiening gemaak vir die klassikale-naas die sinodale vergadering, wat dui op die invloed van die Franse Kerkorde, die Discipline Ecclésiastique 1559. 'Hier word dan ook die invoering van die *klassikale vergadering* noodsaaklik geag. Dit is 'n vergadering wat nie in die Franse kerkorde genoem word nie aangesien dáár slegs van 'n sinode sprake is. Naas die klassikale vergadering stel Wezel dan die *provinsiale of partikuliere sinode*' (Pont 1981: 72; Kersten 1980: 11-12).

Vroue is reeds hier tot die amp van diaken toegelaat volgens artikel X, hoofstuk V (Kersten 1980: 28), maar by die Sinode van Middelburg in 1581 deur 'n gravamen uit Wezel, weer die deur gewys is (Plomp 1971: 113; Kersten 1980: 145).

Navorsers is verdeeld oor die vraag of die sinode van Emden wat op 5 Oktober 1571 byeenkom, 'n volwaardige sinode was. Rutgers grond sy bedenking op die feit dat die sinode slegs deur twee van die drie groot provinsies bygewoon is. '...op het titelblad, van Kerkenordering eener Nationale Synode (van welke de Emdensche Synode zich juist uitdrukkelijk onderscheidde, zich zelve slechts beschouwende als een

Synode van twee der drie groote provinciën, waarin alle Nederlandsche Kerken waren ingedeeld;...)' (Rutgers 1980: 46). Haitjema deel kennelik nie die standpunt nie, omdat hy Emden as die eerste volwaardige Nasionale Sinode beskou (Haitjema 1951: 16; kyk ook Pont 1981: 92). 'n Argument ten gunste van die standpunt van Haitjema is die feit dat die Sinode van Emden volgens Artikel IV besluite as bindend beskou het, selfs op die gemeentes wat nie teenwoordig was nie (Kersten 1980: 41; Pont 1981: 103). Daarom kan aanvaar word dat Emden die eerste volwaardige sinode was wat in die Nederlandse kerk tot stand gekom het (Pont 1981: 93; Van Meer 1892: 152 verv., 176; Van der Linde 1971: 191). Alhoewel by Emden nie formeel 'n kerklike orde opgestel is nie, is hier tog bepaalde kerkregtelike reëlins getref wat later net verder verfyn en nader gepresiseer is. 'Tog is dit duidelik dat by Emden die basiese beginsels van die hervormde kerklike orde reeds aanwesig is en dat die daaropvolgende kerkordes verbetering, uitbreiding en omskrywing is van wat reeds by Emden geformuleer is,' (Pont 1981: 93).

Dit kan aanvaar word dat die kerkregtelike reëlins wat sedertdien in Genève (1541), Parys (1559), London (1554) en Wezel (1568), asook by die Waalse gemeentes onder die kruis getref is (1563-1566), hier direk of indirek ter sprake gekom het. Die invloed van Wezel was redelik beperk en die bepalinge rondom die profeet onder andere, word nie verder gehandhaaf nie. Dit hang waarskynlik saam met die feit dat die denke van Zwingli (1484-1531) wat deur die Londonse Kerkorde van 1554 by Wezel meespreek, later deur die Calvinistiese invloed oorwoeker is. Die besluite van die Sinode van Emden 1571 dui daarop dat die vergadering kies vir 'n Calvinistiese vormgewing vir die Nederlandse kerkregtelike struktuur.

In de Wezelsche acta zijn het broeders, die raden en vermanen, hier meesters, die zonder uitleg van redenen hunne voorschriften geven. Daar is het de zachte geest van Zwingli of á Lasco en de gemoedelijke toon van de *Christelike ordinanciën der Nederlantscher ghemeynte*

Christi te Londen, hier de strenge geest van Calvijn of Beza en de even gestrenge toon van de *synodes des églises réformées de France*.

(Hooijer 1865: 63; kyk ook De Jongh 1911: 47, 48)

Pont (1981: 95) lewer die volgende kommentaar oor die sinode van Emden as geheel: 'Hier word dus, afgesien van die ander betekenis wat Emden het, die keuse bevestig wat in Nederland gelei het tot daardie botsing op kerklik-teologiese gebied wat eers met die sinode van Dordrecht in 1618-1619 besleg is'. Dit in die lig van die feit dat gekies word vir die kerkordelike weg wat deur Calvyn geïnisieer is teen die moontlikheid om die kerklike orde te reël na die gees van Zwingli en die vroeë sakramentariërs.

Met verwysing na enkele aangeleenthede uit die Kerkorde self, val die eerste artikel op en dien vermeld te word. Die eerste artikel verwoord die anti-hiërargiese beginsel wat ook in die *Discipline Ecclésiastique* in artikel 1 teruggevind word, maar hier aansienlik uitgebrei word om naas gemeentes, ook bedienaars van die Woord, ouderlinge en diakens in te sluit. 'De emdense kerkorde poneert reeds in haar eerste artikel die "*aequalitas*", de gelijkheid in rang en rechten sowel tussen kerken als ambtsdragery' (Plomp 1971: 89; Van der Linde 1971: 193). Die erns waarmee die saak bejeën is, en daarna in die orde van elke nasionale sinode opgeneem is tot en met Dordt 1618-19, laat duidelik blyk dat die Calvinistiese presbiteriaal-sinodale stelsel nie ruimte het vir die mens wat deur sy eie persoon, ander in die kerk wil regeer nie. Regeer in laasgenoemde verband is dan ook radikaal anders, as wat in Artikel 30 van die Nederlandse Geloofsbelydenis as 'n regering wat bestaan in 'n geestelike bestuurswyse beskryf word, wat die Here ons in sy Woord leer. In die verlenging hiervan bestaan daar 'n kerkraad wat die taak het om op dié wyse te regeer, dit is met die Woord in die hand. Daarom ook die waarskuwing in artikel 32 van die Belydenis 'om nie af te wyk van wat Christus, ons enigste Meester, vir ons ingestel het nie' (NHKA 1997: 128-9).

Hieruit blyk die belydende karakter van 'n kerkorde in die Calvinistiese Presbiteriaal-sinodale stelsel, as 'n orde wat ingebed is binne die belydenis dat Jesus Christus Hoof van die Kerk, en Heer van die wêreld is. Anders gestel, beteken dit dat daar 'n verband bestaan tussen die kerkorde en die belydenisskrifte van die kerk. Met die formulering van dié beginsel in die kerkorde, het die Sinode van Emden gevolg gegee aan artikel 31 van die Nederlandse Geloofsbelydenis wat rondom die bedienaars van die Woord die volgende stel: 'Hulle het, op watter plek hulle ook mag wees, een en dieselfde gesag omdat hulle almal dienaars van Jesus Christus is – die enigste algemene Opsiener en die enigste Hoof van die kerk' (NHKA 1997: 129). As die kerklike praktyk tot op hede beskou word, is dit duidelik dat dié beginsel nie oorbodige ruimte in die kerklike orde beset nie.

Met betrekking tot die vergaderings van die ampte, is die kerkraad volgens Artikel VI die vergadering in die plaaslike gemeente wat bestaan uit die bedienaar van die Woord, ouderlinge én diakens (Kersten 1980: 42). Die situasie is egter sedert die Provinsiale Sinode van Dordrecht 1574 met Artikel XXXVII verander, en so gehandhaaf tot en met die Sinode van Dordrecht 1618-19, wat beteken het dat diakens nie as deel van die kerkraad beskou is nie (Kersten 1980: 184). Die uitsondering het wel bestaan dat in gemeentes waar kerkrade klein is, diakens deel van die kerkraad gevorm het, en sodoende as hulpouderling kon funksioneer (Kersten 1980: 184).

Naas die vergadering van die kerkraad in die gemeente wat hier as primêre vergadering van die ampte gewaardeer word, word op voetspoor van die Franse kerkordelike reëlings meerdere vergaderings ingevoer naamlik, die klassikale vergadering, provinsiale en nasionale sinodes. Die reëling dat Emden die diaken as deel van die klassikale vergadering beskou, het sedert die Provinsiale Sinode van Dordrecht 1574 verval.

Reeds hier word duidelik gestel dat vergaderings slegs sake hanteer wat nie by die vergaderings wat die sake na hom verwys het, afgehandel kon word nie. 'Zoo daar iet in eenige Kerke des Classis geschiede, dat daar niet in de consistorie konde ter neder gelegd worden, dat zal in de Classische samenkomsten verhandelt en geoordeelt worden, van den welke men zig tot den Provinciaalen Synodum zal mogen beroepen' (Rutgers 1980: 107). Op die wyse word die neiging gekortwiek om alles wat problematies lyk, deur te gee na meerdere vergaderings. Die saak word in die artikels wat oor die provinsiale sinode handel ook duidelik geformuleer as gestel word:

zy en zullen ook geene andere stellen, dan die in de Consistorien en Classische samenkomsten niet hebben kunnen uitgevoerd worden, ofte zoodanige, die allen de Kerken dier Provincie aangaan, op dat de Provinciale samenkomsten met onnodige vraagstukken niet verlengt en worden.

(Rutgers 1980: 109)

Hier is ook die gebruik gevestig dat die vergadering met prediking geopen word, wat na afloop daarvan deur die vergadering bespreek is. 'Uit dit laatste blijkt dat de bedoeling niet was de vergadering op deze wijze een stichtelijk karakter te geven, maar te waken over de eenheid van leer, en de dienst des Woords, het voornaamste onderdeel van het predikantswerk, op hoger niveau te brengen' (Plomp 1971: 91). Na die bespreking van die preek is die voorsitter van die vergadering verkies, wat daarna verskillende vrae aan die vergadering gestel het om vas te stel wat die aard van hulle dienswerk in die gemeente is (Rutgers 1980: 106). Daarna het die sake aan die orde gekom wat in die gemeentes nie afgehandel kon word nie, en wat moontlik na die provinsiale sinode verwys moes word (Rutgers 1980: 107). Vervolgens het ook die sake gedien wat almal raak, en is ook bepaalde sake behandel wat op die Roomse kerk betrekking het om sodoende mekaar op te skerp, en tot studie aan te moedig (Rutgers 1980: 107; kyk ook Plomp 1871: 91).

Die amp van die voorsitter by die sinodale vergadering het aan die einde van die vergadering ten einde geloop, alhoewel dit die vergadering vrygestaan het om dieselfde persoon by die volgende vergadering te herkies (Rutgers 1980: 112; Plomp 1971: 93).

Die wyse waarop kerkraad en sinodale of meerdere vergaderings funksioneer, dui op 'n tweerigting verkeer tussen kerkrade en sinodes. Die agenda van die meerdere vergadering is dus medebepaal deur die onafgehandelde sake van die kerkraad, terwyl ook sinodale aangeleenthede ter sprake gekom het wat op almal van toepassing is.

Die rotasiebeginsel, asook die tweejarige ampstermyn van ouderlinge en diakens, is ook hier ingevoer. 'Alle jaren sal 't halve deel, soo wel der Ouderlinghen, als der Diaconen, verandert werden, andere in haer plaetse ghestelt zijnde, die oock twee jaren lanck dienen sullen,....' (Rutgers 1980: 62).

Die bywoning van meerdere vergaderings het trapsgewys plaasgevind. Dit het beteken dat die kerkraad ampsdraers na die klassis of ring gestuur het, die klassis vaardig afgevaardigdes na die partikuliere sinode af, wat op sy beurt weer afgevaardigdes na die nasionale sinode gestuur het. Dit het die aantal ampsdraers wat meerdere vergaderings bywoon beperk, en terselfdertyd verhoed dat kerklike vergaderings in kongresse ontwikkel wat oor alle sake handel. 'Hier word dus van meet af die beginsel ingevoer dat die meerdere vergadering 'n vergadering van ampte en nie 'n vergadering van ampsdraers is nie' (Pont 1981: 100).

Laastens word verwys na die slotartikel, Artikel 53, van die Emdense Kerkorde wat soos volg verwoord is:

Deze artikelen de wettelijke en behoorlijke orde der kerken betreffende, zijn also met gemeen akkoord gesteld, dat ze

(zo het de nuttigheid der kerken vereist) veranderd, vermeerderd en verminderd mogen en behoren te worden. Nochtans zal het geen bijzondere kerk vrij staan, zulks te doen. Maar alle kerken zullen arbeiden deze te onderhouden, totdat in een synodale vergadering anders besloten wordt.

(Kersten 1980: 53)

Die beginsel wat hier verwoord word, staan as die anti-independentistiese artikel bekend. Hierdie beginsel waak saam met die anti-hiërargiese beginsel teen 'n ander uiterste. Enersyds dus teen 'n onbybelse oorheersing van enige aard, maar andersyds teen 'n gesindheid wat die indruk skep van losheid, so asof gemeentes net met mekaar skakel oor sake waarvoor eenstemmigheid bestaan. Dit het ook verder die gevolg dat die gesag van sinodale vergaderings gehandhaaf word as die vergadering wat as 't ware deur die plaaslike gemeente in die vooruitsig gestel word as gevolg van die feit dat alles nie in die plaaslike gemeente afgehandel kan word nie, asook die feit dat sake van gemeenskaplike belang ter sprake is.

Die belangrikheid van die belydenisskrifte kom in artikel 2 aan die orde. 'Ze zullen het confessioneel karakter van die nederlandse kerken bepalen. Dit zullen gereformeerde kerken zijn. De gereformeerde leer wordt het ferment in elke lokale kerk en tegelijk, doordat alle ambtsdragers er hun instemming mee betuigen, de band die alle lokale kerken met elkaar verbindt' (Plomp 1971: 97).

'n Vergelyking van die Kerkorde van die bekende Dordtse Sinode van 1618-19 met die van Emden, toon aan dat sinodes wat op laasgenoemde gevolg het hoofsaaklik op die grondleggende werk wat by Emden gedoen is, gebou, en verder slegs redaksioneel verfyn is (Plomp 1971: 120). Krities beskou het die Sinode van Dordt van 1618-19 te veel toegewings aan die owerheid gemaak in die vorm van die

patronaatsreg wat in díe kerkorde gehuisves word soos geformuleer in artikels IV, XXXVII en L (Kersten 1980: 177, 184, 187).

Naas die invloed van die owerheid was daar ook ander strominge latent wat die toekoms redelik onseker gelaat het. Fiolet, 'n Rooms-Katoliek, wys daarop dat die Humanistiese gees van Desiderius Erasmus (1469-1536) nie meer tot 'n geestelike elite beperk was nie, maar onder invloed van die werke van verskillende skrywers en predikante het

een religieus liberalisme gegroei met een diepe afkeer voor alle dogmatische gebondenheid, zijn streven naar religieuze verdraagzaamheid en zijn zin voor praktische vroomheid op rationeel-humanistische basis, buiten het bereik van de kerkelijke kringen, die met het wapen der leertucht eeuwenlang elke onrechtzinnigheid het zwijgen trachten op te leggen....Kritische zin, vooral op het gebied van de bijbelwetenschap, doet de contouren van de kerkelijke rechtzinnigheid vervagen. Op de hogeschole winnen de tolerantie en de wetenschappelijke breedheid veld op de kerkelijke traditie.

(Fiolet 1953: 11)

Dit is die moeite werd om nogeens na Fiolet te luister wanneer hy die situasie wat na Dordt ontstaan, skerp teken, wat inderdaad verklaar hoe dit moontlik was dat 'n kerk wat op die Sinode van Dordt 1618-19 regsinnig daar uitgesien het, op die glybaan van vrysinnigheid beland het. Kerkregtelik gestel, sou die twee uiterstes geknoop kon word aan die radikale kontras tussen die Kerkorde van Dordt 1618-19 en die Algemeen Reglement van 1816. Hy stel die volgende:

Aan allen wilde men onderdak verlenen, aan ortodoxie en verlichting, mits zij luisterden naar de ene regel des

huizes: gematigdheid en verdraagzaamheid. Dit ideaal werd gevonden in een rationalistiesch supranaturalisme, een compromis tussen geloof en verstand, tussen Openbaring en rede,...Men verlangde naar een Christendom van die redeliek denkende mens,...zonder eenige onnutte ceremoniën, bijgeloovigheden, of willekeurige geboden, die enkel dienen om een redeliek mensch te plagen, en zonder noodzakelikeheid diensbaar te maken.

(Fiolet 1953: 13)

2.4 Die Algemeen Reglement van 7 Januarie 1816

Sedert die Dordtse Sinode in sitting vanaf 13 November 1618 tot 29 Mei 1619 (Doornbos 1967: 83), vind geen verdere sinodes plaas nie tot die aanvaarding van die Algemeen Reglement van 7 Januarie 1816, wat op 1 April 1816 in werking gestel is (Rasker 1981: 27). Die Algemeen Reglement was nie die resultaat van 'n behoerlike, kerklike besinning op sinodale vlak nie. Die invloed van die owerheid in die kerk, en wat veral in die sogenaamde patronaatsreg bestaan het waar 'n kommissaris-politiek, 'n verteenwoordiger van die burgerlike owerheid op elke vergadering van die kerk sitting geneem het, het die selfstandigheid van die kerk erg aan bande gelê. Die bedoeling was dat die kerk as kerk in die wêreld diensbaar sou wees, waardeur die belydende uitgangspunt dat Jesus Christus Hoof van die kerk en Heer van die wêreld is, tot sy reg kom.

Die invloed van die owerheid was reeds by Dordrecht 1618-19 sigbaar omdat die Sinode deur die Staten-Generaal byeengeroep en gefinansier is, en boonop ook die besluite van die Sinode moes uitvoer. Selfs die Bybelvertaling staan bekend as die Staten-vertaling (Pont 1991: 2; Doornbos 1967: 23; kyk ook Van 't Spijker et al 1987: 146, 173). 'n Verdere nadelige gevolg was die invloed van die provinsiale owerhede in die federale staatstruktuur, wat daartoe gelei het dat sodanige

provinsiale owerhede byna sonder uitsondering, seggenskap in die kerklike lewe geëis het. Dit het beteken dat die kerkorde van Dordt nie in al die provinsies ingevoer is nie, en die kerk aan die owerheid uitgelewer was omdat die owerheid die traktement van die predikante betaal het, en ook vir ander kerklike uitgawes verantwoordelikheid aanvaar het. 'In Gelderland, Utrecht en Overijssel is die kerkorde aanvaar. Friesland, Groningen en Zeeland het hulle eie kerkordes behou en in Holland het ook niks verander nie' (Pont 1994: 117). Verder het die burgerlike owerheid eienaarskap van die vroeëre Roomse kerklike eiendomme aanvaar, wat in praktyk beteken het dat die kerk volledig onder die invloed van die owerheid ingewig is. Pont (1991: 2) lewer daarvoor die volgende kommentaar:

Daarom het die owerhede enersyds die traktemente van die predikante betaal en andersyds die kerkgeboue en pastorieë in stand gehou en dit ter beskikking van die kerk gestel....Deur middel van die kommissarisse-politiek, wat van die Kerkraadsvergadering tot Sinodale vergadering sitting gehad het, het die owerheid bepaal waaroor die kerklike vergaderings besluite kon neem. Die stedelike owerhede het in meeste gevalle bepaal wie as predikant beroep kon word en in baie gevalle het hulle predikante geweer of afgesit wat nie na hulle smaak was nie....so het die Staten hulle bemoei met leerkwessies, die Staten het biddae uitgeskryf en bepaal wanneer kerklike feesdae gevier moes word, die Staten het opdrag gegee wanneer en waaroor gepreek sou word en soms selfs hoe lank 'n preek mag wees.

Die merkwaardigste van alles was dat die kerk die situasie langsamerhand aanvaar, en hulle onder die juk van die owerheid geskaar het. 'Selfs die weiering van die Staten-Generaal om die byeenkoms van 'n opvolgende nasionale sinode, na Dordrecht 1619, toe te laat het nie besondere weerstande gewek nie al het dit beteken dat

talle kerklike sake onbeslis moes bly lê' (Pont 1991: 3; Doornbos 1967: 132).

'n Belangrike gebeurtenis in die tydsverloop na 1618, was die tot standkoming van die gereformeerde kerkstaat in 1651, toe die sewe verenigde Nederlandse provinsies in 'n Nasionale vergadering byeengekom het waartydens die verhouding tussen kerk en owerheid gekonsolideer is, en bepaal het dat die gereformeerde religie die openlik erkende godsdienst van die Nederlande sou wees. 'Die noue samegaan tussen owerheid en kerk het daartoe gelei dat die kerk inderdaad as bevoorregte kerk in 'n unieke posisie in die Nederlandse samelewing gestaan het' (Pont 1991: 3). Dat die noue skakeling tussen owerheid en kerk nie noodwendig heilsaam mag wees nie, kan duidelik uit die volgende opmerking van Haitjema afgelei word:

Een Christus-belijdende volkskerk laat de zuivere resonantie van de klankbodem, die alleen een kerkstaat geven kan, volledig en onverkort vrij en voorkomt tegelijkertijd de wereldse verwording van zulk een kerk als "stad op de berg" tot een "staatskerk", welke de Kerk in beginsel tot een sector van het staatsbedrijf omschakelt en verkracht.

(Haitjema 1964: 11; kyk ook Fiolet: 1953: 25)

Naas die politieke reëling waardeur die kerk tot staatskerk omvorm is, het op kerklike gebied ook bepaalde grondverskuiwings plaasgevind wat vir die voortgang van die Woord nie bevorderlik was nie. Die soort van grondverskuiwings vind in die kerk plaas wanneer die kerk in sy vergaderings van die ampte nie meer kerklik dink nie en wanneer die verbinding tussen sy optrede, oftewel sy kerkorde, en die belydenis van die kerk, nie meer belangrik geag word nie. Pont som die situasie op met die volgende opmerking:

Die ortodoksie wat by Dordt die oorwinning behaal het, het geleidelik al meer veruitwendig en al meer 'n ortodoksisme geword. Die evangelie van God se groot genade in Jesus Christus het 'n vanselfsprekende saak geword en die kerklike belydenis het 'n wet geword waarvoor almal moes buig, die sentrum van 'n skolastieke dogmatiese stelsel waar die filosofie van Aristoteles en die logika belangriker was as die Bybel. Die Bybel is vervlak tot 'n arsenaal van bewysplase wat die goeie reg en die waarheid van die dogmatiese sisteem moes bewys. Die *sola fide* van die hervorming van die 16de eeu, is verskraal tot die verstandelike aanvaarding van die vasgestelde sisteem. Die prediking van die kerk het in dié proses ook agteruitgegaan en was nie meer die *viva vox evangelii* nie maar veel eerder dogmatiese uiteensettings wat die geleerdheid van die predikant ten toon moes stel. Nie die evangelie van Jesus Christus nie, maar die suiwere leer het nou die botoon gevoer.

(Pont 1991: 4; kyk ook Graafland 1987: 4 verv.)

Op hierdie situasie het daar verskeie reaksies gekom. Daar was dié van Johannes Coccejus (1603-1669) wat teenoor die gereformeerde leerstelsel weer die Bybel in die sentrum van die teologiese denke wou plaas. Daarnaas figureer die Nadere Reformasie wat die begrippe wedergeboorte en heiligmaking wou herdefinieer om daaraan nuwe betekenis te gee. 'Dan was daar die rasionalistiese, filosofiese reaksie wat vanuit die beginpunt van die menslike rede, die gereformeerde leersisteem wou hersien. Hierin het die Fransman René Descartes wat van 1629-1649 in Nederland gewoon het, 'n leidende rol gespeel' (Pont 1991: 4; kyk ook Haitjema 1964: 19 verv.).

Die situasie word radikaal gewysig wanneer Nederland in 1795 deur 'n Franse leër binnegeval en die laaste stadhouer, Prins Willem V verplig word om na Engeland te vlug. Uiteindelik het die Betaafse Republiek in

1798 uit hierdie situasie ontstaan (Pont 1991: 5). Een van die eerste gevolge van die verandering was dat die owerheidstruktuur radikaal gewysig is, en in die plek daarvan 'n sentrale owerheid in 'n eenheidstaat na vore kom. Die nuwe owerheidstruktuur volg uit 'n gedesentraliseerde bedeling en beteken dat die Provinsiale owerhede baie van hulle onafhanklike gesagsposisies aan die gesentraliseerde owerheid in 'n eenheidstaat moes oordra. Die verskillende Provinsiale owerhede boet sodoende gesag in, aangesien hulle bepaalde funksies aan die sentrale owerheid afstaan. Die verandering was veral te wyte aan die Franse invloed wat uit die Franse Rewolusie spruit en die vestiging van die demokrasie inlei. Die staatsbestel wat uit die nuwe demokrasie spruit, beteken dat die kerk sy bevoorregte posisie moes inboet en gelyk gestel is aan al die ander kerklik-godsdienstige groepe. Die owerheid vaardig in sy nasionale vergadering op 5 Augustus 1796 'n dekreet uit en stel: 'Er kan of zal geen bevoorrechte noch heerschende Kerk in Nederland meer geduld worden' (Van Loon 1942: 22).

Hierdie reëling is die soort denke wat die kerk in die oog van die burgerlike owerheid degradeer tot net nog 'n vrywilige vereniging. Pont bevestig die feit wanneer hy stel:

Dit was een van die gevolge van die begrip *volkssoewereiniteit* wat nou algemeen aanvaar is. Alle gesag, ook dié van die staat en die kerk, vloei voort uit die regte en gesag van die volk. Dit beteken dat die staat die gedagte van die *ius divinum*, waarvolgens die kerk bestaan, moet afwys en nie wou toelaat dat 'n eiesoortige liggaam, soos die kerk met sy eie reg en gesag, in die volksgemeenskap bestaan nie. Die kerk word nou gereduseer tot 'n vereniging of genootskap wat óók sy regte uit die volk aflei en daarom kan één vereniging of genootskap nie meer regte as 'n ander hê nie.

(Pont 1991: 6)

Die reëling van die kerk as vrywillige vereniging in die samelewing impliseer ook die status van die burgerlike owerheid, as synde 'n sogenaamde neutrale owerheid. Van Loon (1942: 23) sê daaroor:

De situatie was nu zoo geworden, dat de overheid, hoewel den Godsdienst "nuttig" voor den staat oordeelend, niet langer de belijdenis van die Gereformeerde kerk, liet prevaleeren boven die van andere en, dienovereenkomstig, haar ook geen voorrechten boven andere kerken wilde toekennen. Dit zou de rechten der vrije burgers immers beknotten en de gelijkheid verhinderen.

Die beskouing dat die kerk net nog 'n vrywillige vereniging is, is vir die kerk onaanvaarbaar en verlaag die kerk tot 'n vereniging waar die verenigingsreg, en nie die kerklike reg nie, die botoon voer. Die selfstandigheid van die kerk naas die owerheid is verkieslik, en gee uiting aan die teokratiese bestel wat deur die Nederlandse Geloofsbelydenis in Artikel 36 in die vooruitsig gestel word. Die feit word in die denke van Van Ruler gestel wanneer hy in sy teokratiese beskouing die verhouding van die kerk en staat tot mekaar sien soos die twee brandpunte van 'n ellips. Dit kom neer op 'n naasbestaan van kerk en owerheid terwyl beide deur die Hoof en Heerskap van God genormeer word (Van Ruler 1945: 153; 1947: 160). Díé beskouing verwoord die tipiese teokratiese denke wat Calvin reeds aangedui het. Teokrasie aan die hand van die beeld van 'n ellips is waarskynlik Van Ruler se eie siening (Van der Graaf 1989: 121).

In die Nederlandse situasie was dit egter opmerklik dat die kerk nie in staat was om op die moontlikheid te reageer nie, maar deur die stoflike afhanklikheid aan die owerheid toegelaat het dat die kerk méér afhanklik van die owerheid geword het. Die afhanklikheid het veral bestaan in die feit dat die owerheid die traktemente van predikante betaal, en verder is van elke bedienaar van die Woord verwag om by die aanvang van sy dienswerk 'n politieke eed af te lê, wat onder andere uit die volgende

bestaan het: 'Ik zweere en belove aan God op het Heilige Evangelie gehoorzaamheid en trouw aan de Regeering, door de Constitutie voor het Fransche Rijk gevestigd, te zullen betoonen;' (Pont 1991: 7).

Die aflegging van die eed wat van voornemende bedienaars van die Woord gevra is, was kerklik gesproke, benede kommentaar. Dit is getuigenis van die ongelooflike verwording van die eie aard van die kerk waarin die eiesoortigheid wat kenmerkend van die kerk moet wees, totaal oorwoeker is. Verder kom dit daarop neer dat die genuanseerde begrip, bedienaar van die Woord, uitgehol en die amp vervlak word tot 'n funksionaris van die burgerlike owerheid. Die situasie is versterk deur die feit dat die owerheid verantwoordelikheid aanvaar het vir die traktemente van die kerk se predikante, wat op sy beurt weer die verhouding tussen predikant en gemeente versteur het.

Die harde kern van onwelkome inmenging van die owerheid in kerklike sake, is deurgaans in die Calvinisties georiënteerde Presbiteriaal-sinodale stelsel teruggevind. Wat egter opval, is die feit dat die inmenging van die owerheid 'n onhoudbare situasie word wanneer die kerk deur die heersende omstandighede van geestelike verval, en oorbeklemtoning van die subjektiewe element van die enersyds geleerde en andersyds vroom mens, oorwoeker word. Teologies gestel, kom dit daarop neer dat die situasie hand uitruk wanneer die kerk nie meer met sy belydenis erns maak, en die verband tussen Skrif, belydenis en kerklike orde handhaaf nie.

Daarom duur die situasie voort, ten spyte van die politieke veranderinge wat op die Nederlandse werf plaasgevind het. Selfs na die val van Napoleon in 1814 bly die toestand onveranderd, en ag die nuwe koning, Willem Frederik, wat op 2 Desember 1813 die monargie weer in Nederland vestig, dit as sy plig om die bestuur van die kerk op hom te neem (Rasker 1981: 25; Hooijer 1846: 16-20). 'n Departement van hervormde en ander eredienste word in die lewe geroep onder 'n Kommissaris-generaal O Repelaer van Driel, later minister, en J D

Janssen as sekretaris en adviseur (Rasker 1981: 26). Rasker (1981: 26) sê daarvoor vervolgens: 'Er is dus, overeenkomstig de ideeën van de Verlichting, geen staatskerk of bevoorregte kerk meer, maar wel, overeenkomstig de ideeën van het verlicht despotisme, een intensieve bemoeienis van de vorst met kerkelijke zaken'.

Die reorganisasie van die kerk neem 'n aanvang wanneer op 28 Mei 1815 'n kommissie benoem word, met die opdrag om 'n ontwerp te maak wat later bekend sou staan as die *Algemeen Reglement voor het bestuur der Hervormde Kerk in het Koninkrijk der Nederlanden*. Die werkswyse om van 'n kommissie gebruik te maak is insiggewend, en word vererger deur die feit dat die elf predikante wat benoem is, slegs die voorreg geniet het om deur korrespondensie inspraak te lewer oor die ontwerp wat deur Jánssens opgestel is. Daarna het die kommissie afwisselend onder voorsitterskap van Repelaer van Driel en Janssen in sewe sittings tussen 25 Oktober en 4 November 1815 byeengekom. 'Bij deze werkwijze was er geen gelegenheid om wezenlijk alternatieve voorstellen te doen, laat staan om de kerk en haar organen te raadplegen (Rasker 1981: 26). Die op dié wyse saamgestelde ontwerp word daarna aan nog drie lede van die Raad van State voorgelê, en nadat die koning self ook nog bepaalde wysigings aangebring het, op 7 Januarie 1816 per koninklike besluit vasgestel om op 1 April 1816 in werking te tree. Fiolet (1953: 27) lewer die volgende kommentaar op die omstandighede wat toe in die kerk geheers het:

Dit alles had de Kerk te boven kunnen komen, als er niet een innerlijke stimulans had ontbroken, die in deze kritieke jaren al de uiterlijke moeilijkheden had kunnen overwinnen: het kerkelijk bewustzijn, voortkomend uit een innerlijk, diep-godsdienstig leven. Doch halfheid en onbepaaldheid beheersten de Kerk. Voor alles was er behoefte aan rust en verdraagzaamheid. Dit was het enige, wat men van de nieuwe orde verwachtte: een technish-administratief apparaat, dat de orde kon handhaven en de traktementen

uitbetaalde. Dat de Kerk, en de Kerk alleen, hier een taak had, drong nauwelijks door.

Nadere beskouing van die Algemeen Reglement van 1816 bring aan die lig dat hier 'n ander gees geadem word as wat in die kerkregtelike ontwikkeling gevind word sedert Genève, of beperk tot die Nederlandse situasie, sedert Emden 1571 tot en met Dordt 1618-19. Die verband tussen belydenis en kerklike orde is hier losgelaat, met die uitsluitlike klem op bestuur. Immers het die Kommissaris-generaal Repelaer van Driel aan die protesterende classis van Amsterdam aangedui dat, 'het Sijnode thans niet opgeroepen werd om leerstellige geschillen te beslissen, maar om de Kerk te besturen' (Bartels 1946: 3) wat ook uit die volgende uitspraak onderstreep word, naamlik: 'dat het bedoeld Reglement alleen is een regeling van het uitwendig kerkbestuur, en niets gemeen heeft met den Hervormden Godsdienst' (Bartels 1946: 2; kyk ook Van Wyk 1991: 99 verv.).

Bespreking van enkele aspekte van die Algemeen Reglement geskied hoofsaaklik met die oog op relevansie vir die Kerkorde van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.

Die siening dat die kerk volgens Artikel 1 'n genootskap is, spreek boekdele oor die kerkbegrip wat in die Reglement funksioneer (Hooijer 1846: 24). Die kerk as 'n genootskap beteken dat die kerk as 'n vrywillige vereniging binne 'n demokratiese bestel gesien word. Die feit word bevestig wanneer Artikel 2 stel dat lidmate deel van die kerk bly '...zoo lang zij niet vrijwillig en duidelijk verklaard hebben, zich daarvan af te scheiden,' (Van Loon 1942: 223). Die vrywilligheid vervlak die kerk meteen tot 'n vereniging net soos enige ander vereniging wat in die gemeenskap aangetref word, en dui die lidmaat wat vrywillig tot die kerk toetree het aan as wesenlik vir die kerkbegrip, wat hier van toepassing is. Die uitgangspunt staan in skerp kontras met die formulering van die Nederlandse Geloofsbelydenis (NHKA 1997: 127) wat in Artikel 28 stel: 'Inteendeel, almal is verplig om daarby aan te sluit

en hulle daarmee te verenig om die eenheid van die kerk te bewaar,...’ Die saak word nie in die reine gebring as Artikel 1 stel dat die lidmaat deur sy belydenis van geloof en deur sy doop aan die kerk behoort nie. Beide doop en belydenis van geloof versterk die feit dat hier uitgegaan word van die lidmaat wat in die middelpunt staan en van waaruit die kerkbegrip opgebou is. ‘So word dit duidelik dat die kerk ‘n suiwer menslike vereniging is want die lidmaat bepaal of hy deel is of wil wees van die kerkgenootskap’ (Pont 1991: 86).

Daarom is dit ook nie verbasend nie dat doelstellings vir die kerk geformuleer word soos dit in Artikel 9 aangetref word:

De zorg voor de belangen, zoo van het christendom in het algemeen, als van de hervormde kerk in het bijzonder, de handhaving harer leer, de vermeerdering van godsdienstige kennis, de bevordering van christelijke zeden, de bewaring van orde en eendragt, en de aankweeking van liefde voor Koning en Vaderland,....

(Van Loon 1942: 224)

Die vaagheid in die formulering is opvallend, en dit kan verwag word dat die intensie om die leer van die kerk te handhaaf van weinig betekenis was in die lig van die gees en aard van die reglement as geheel, wat meer daarop ingestem was om die kerk te bestuur.

Uit die intensie van Artikel 3 is dit duidelik dat die vergaderings wat as vergaderings van die ampte bekend is, hier as bestuursliggame tipeer word wat die opdrag het om die kerk te bestuur. Die bestuur word ook duidelik hiërargies opgestel as geformuleer word: ‘Het bestuur der hervormde kerk wordt sijnodaal, provinciaal, classikaal en gemeentelijk uitgeoefend’ (Van Loon 1942: 224). Die feit dat die verskillende bestuursvergaderings suiwer hiërargies opgestel is, lei tot die aanname dat die vergaderings bekend staan as hoër en laer vergaderings en word die kerk se werk dus ruimtelik beskryf as ‘n beweging van onder na

bo, waarvan die sinode volgens Artikel 16, die hoogste vergadering vorm.

Die sinode is saamgestel uit een predikant uit elke provinsiale kerkbestuur, slegs een ouderling, en 'n teologiese professor uit die fakulteite van Leiden, Utrecht en Groningen as adviseurs. Daarnaas is die vergadering ook deur 'n verteenwoordiger van die owerheid asook een of meer kommissarisse-politiek bygewoon, indien verkies. Verder het die sinode ook 'n vaste sekretaris wat deur die koning uit die predikante van Den Haag benoem is, asook 'n vaste penningmeester uit die ouderlinge van Amsterdam. Die sinode het dus bestaan uit tien predikante, en een ouderling as volle lede, asook 'n permanente sekretaris en penningmeester, saam met die drie professore in adviserende hoedanigheid en verteenwoordigers van die owerheid. Die grootte van die sinodale vergadering was belaglik klein in verhouding tot die kerk as geheel, en dit was duidelik dat 'n sinode van sodanige grootte niks meer kon doen as om die kerk te bestuur nie. Van 'n werklike vergadering van die ampte soos wat eie was aan die Calvinisties bepaalde presbiteriaal-sinodale kerkregering, het hier nie veel tereg gekom nie. 'Die beperkte getal lede van die sinode en die feit dat daar twee permanente lede was, het byna vanselfsprekend algaande 'n oligargie gevorm wat al die kerklike mag in hulle hande gehad het' (Pont 1991: 92).

'n Verdere saak waarop gewys moet word, is die feit dat die sinodale kommissie in hierdie bestel die lig sien. Volgens artikel 9 van die reglement vir die sinodale kommissie, het die kommissie bestaan uit 'n president, vise-president en die sekretaris van die sinode asook uit drie predikante en drie ouderlinge (Hooijer 1846: 44). Die opdrag van die kommissie was volgens Artikel 2 enersyds om te 'waken voor de uitvoering der Kerkelijke wetten en besluiten,...' Artikel 3 bepaal dat die kommissie 'uitvoeren en voltoojen, hetgeen de Synode,...uitdrukkelijk aan de commissie zal opdragen.' Artikel 4 het verder bygevoeg '(z)ij zal daarenboven, ook buiten zoodanigen uitdrukkelijken last, de Kerkelijke

belangen voorstaan en bevorderen in alle gevallen, welke behandeling tot de bevoegdheid der Synode behoort,....' (Hooijer 1846: 43).

Artikel 4 dui aan dat 'n sinodale kommissie binne díe struktuur volledig in die plek van die sinode in beweeg, daar aan sodanige kommissie die bevoegdheid verleen word om sonder opdrag van die sinode, kerklike belange te bevorder en dus na goeddunke af te handel. Die instelling van die kommissie op 26 November 1827 ter vervanging van die bestaande blykbaar minder amptelike kommissie (Hooijer 1846: 41-43), het die neiging om die regering van die kerk te vervang deur 'n klein kommissie waar die klem op bestuur geval het, beklemtoon.

Die sinodale kommissie het die deputate vervang wat tydens die Dordtse Sinode van 1618-19, Artikel XLIX, nog geldig was (Kersten 1980: 186). Die instelling van die kommissie is ook deur eietydse beoefenaars van die kerkreg nie kritiekloos aanvaar nie (Roijaards 1834: 103; Hooijer 1846: 41).

Rotasie in die Algemeen Reglement is volgens Artikel 17 behou op sinodale vlak, maar slegs met betrekking tot ouderlinge (Pont 1991: 32). Dieselfde gebeur in die Provinsiale Sinode volgens Artikel 31, 'en voor eene der classen bij jaarlijksche beurtwisseling één Ouderling of Oud-Ouderling' (Pont 1991: 34). Die kommissie van die klassikale vergadering het volgens Artikel 55 bestaan uit die Praeses, Assessor, Skriba en twee, drie of vier 'gecommitteerde Predikanten,...., asmede uit eenen Ouderling of Oud-Ouderling, die na één jaar aftreedt'. Van die 'gecommitteerden' (gemagtigdes) het volgens Artikel 58 twee of ten minste een, jaarliks afgetree wat egter weer benoem kon word (Pont 1991: 37). Die sinodale kommissie het naas die President, Vise-President en Sekretaris ook volgens Artikel 9 uit drie predikante en drie ouderlinge bestaan (Pont 1991: 43). Verder dui Artikel 12 aan dat die ses laasgenoemde lede vir drie jaar benoem word, en bepaal volgens Artikel 13 dat 'jaarlijks eene aftreding plaats hebben, van twee der zes laatsgenoemde leden, één Predikant en één Ouderling zullende de

aftredende binnen twee jaren na hunne aftreding, als leden der commissie, niet weder benoembaar zijn' (Pont 1991: 44). Die President, Vice-President en Sekretaris van die 'Algemeene Synodale Commissie' was nie aan rotasie onderhewig nie.

'n Verdere aspek wat vermelding verdien is die proponentformule wat in die reglement vervat is, en van die kandidaat wat tot bedienaar van die Woord toegelaat wou word, gevra het om die leer van die kerk 'welke overeenkomstig Gods Heilig woord, in de aangenomen formulieren van eenigheid der Nederlandsche Hervormde kerk is vervat, ter goeder trouw aannemen en hartelijk gelooven,...' (Hooijer 1846: 56).

Uit die onenigheid wat gevolg het, was dit duidelik dat die formulering so vaag was dat dit aanleiding gegee het tot 'n dispuut wat gewentel het oor die vraag of die formule onderteken word op grond van die *quia*, of die *quatenus* standpunt. Die sinode van 1835 het geoordeel dat dit nie op hulle weg was om die aangeleentheid op te helder nie. 'n Verdere versoek in 1841 om die bestaande formule met die oue te vervang, lei daartoe dat 'n verklaring aangebied word, naamlik: 'als dat zich niet vergenoegt met de aankleving van deze of gene waarheid in de formuliers-artikelen vervat, maar in het algemeen, de leer, die in dezelve voorkomt, gelijk die in haren aard en geest het wezen en de hoofdzaak uitmaakt van de belijdenis der Hervormde kerk,...' (Hooijer 1846: 58). Die kritiek teen die huidige was dat veel in die duister gelaat word. Dit was nie duidelik wat bedoel word met formuliere van eenheid, of die ondertekening op grond van die *quia* of *quatenus* standpunt nie, en die onderneming ooreenkomstig God se Woord, het te veel in die duister gelaat (Nauta 1969: 9). Terugkeer na die oue het beteken dat die ondertekeningformulier soos vasgestel by die Sinode van Dordt 1618-19, weer ingestel moes word (Kersten 1980: 208).

Soos verwag kon word, is die saak nie hiermee bygelê nie. Dit was uit die herformulerings wat later vasgestel is duidelik dat dit eintlik oor leervryheid gegaan het. Uit die formulering van 1854, wat duidelik vir die

quatenus standpunt kies 'dat wij des zins en willens zijn den geest en de hoofdzaak der leer, welke in de aangenomen formulieren van eenigheid der Nederlandsche Hervormde Kerk begrepen is, getrouw te handhaven' (Pont 1991: 99) word die ware feite duidelik.

Kerkregtelik beoordeel, is daar 'n besonder groot kontras tussen die Kerkorde van Dordt 1618-19, en die Algemeen Reglement van 1816. Bondig opgesom, kom dit neer op die verwoording van die verskil tussen regering en bestuur van die kerk. Daarbenewens tree die radikale verskuiwing in as gevolg van die verandering wat plaasvind in die gemeenskap wat die kerk omring, en veral 'n pendeling van die objektiewe na die subjektiewe beteken. Dit het beteken dat die gesag van die Woord van God soos geformuleer in die belydenisskrifte, kerkordelik omlin en in die kerk verkondig is, nie meer die objektiewe norm vir leer en lewe is nie. In die plek daarvan tree die mens met sy verstand in die middelpunt, wat met die metodes van die wetenskap gelei deur die rede van die mens, besluit wat waar of vals is.

Pont (1991: 107) maak die volgende opmerking:

Dit is duidelik dat die *Algemeen Reglement* wat aan die kerk opgelê is in die tyd van die hoogbloei van die optimistiese, rasionalistiese supranaturalisme nie net die kerkordelike tradisie van die vorige twee eeue deurkruis het nie, maar ook die calvinistiese teologie in sy riglyne verbygegaan het. Die probleem was egter dat **in die kerk** self daar nóg kerkordelik nóg teologies werklik die vermoë was om die invoering van die *Algemeen Reglement* teen te staan....Die *Reglement*, met sy aanvaarding van leervryheid, het meegebring dat die kerk self 'n belangrike rol gespeel het, in die sekularisasieproses wat in Nederland vanaf die 18e eeu na vore kom.

Die vraag kom hier na vore hoe so 'n geweldige grondverskuiwing met betrekking tot die Nederlandse Hervormde Kerk, moontlik was vanaf Dordt 1618-19 tot en met die invoering van die Algemeen Reglement van 1816. Die Algemeen Reglement van 1816 verwys in Artikel 1 na die Kerk as 'n genootskap (Hooijer 1848: 24), terwyl die geldende belydenisskrifte, naamlik die Heidelbergse Kategismus, Nederlandse Geloofsbelydenis en die Leerreëls van Dordt 1618-19, dit nie so verwoord het nie. Dit is daarom voor die hand liggend dat die Kerk onveranderd oor sy belydenisskrifte beskik het, maar dit nie gehandhaaf het nie. Hieruit blyk dat geldende belydenisskrifte of 'n kerkorde, nie die regte leer in die kerk kan waarborg nie, daar moet iets bykom, naamlik ampsdraers en lidmate wat deur die lewende geloof aangespreek voel. Fiolet debatteer die saak en dui op die Kerk se verknogtheid aan die owerheid wat formeel in 1796 die Nederlandse Hervormde Kerk as staatskerk opgehef het. Die verwagting sou wees dat die Kerk die bevryding sou verwelkom, aangesien die patronaatsreg wat by Dordt 1618-19 gegeld het, sodoende opgehef is. Maar dit het nie gebeur nie, omdat 'lauwheid en geestelike krachteloosheid zochten uitvluchten en zij verscholen zich achter financiële moeilijkheden' (Fiolet 1953: 26). Hy verwoord die innerlike toestand van die Kerk ook soos volg:

Dit was het dilemma. Links en rechts lag de dreiging om uit de Kerk te treden. En de Synode moest besturen, wat in haar opvattingen betekende: tegen elke prijs eenheid bewaren. Met een principiële optreden zou zij niet ver komen....Men eiste van haar handhaving van de leer. Natuurlijk, de drie Formulieren van Enigheid bleven immers van kracht. Doch tegelijkertijd verklaarde zij zich onbevoegd door een uitspraak duidelijk te omschrijven, wat precies tot die leer behoorde....Dit waren de wapenen – zich onbevoegd verklaren tot iedere leeruitspraak en onbewogen blijven onder iedere kritiek -....

(Fiolet 1953: 31).

Pont wys daarop dat die klimaat waarin die Algemeen Reglement van 1816 tot stand gekom het, dié was van die neutrale staat wat alle godsdienste verdra, en die kerk vervlak tot 'n randverskynsel wat op dieselfde vlak funksioneer as enige ander vrywillige vereniging. So verdwyn die kerk as draer van die openbaringswaarheid van God uit die sentrum van die daaglikse lewe (Pont 1987: 36). Behalwe die beskouing van die kerk deur die demokratiese owerheid van dié tyd, kon die kerk ook vanweë die skolastiek waarin die teologie vasgevang was, nie weerstand bied teen die opkomende rasionalisme en sekularisme nie. Hy wys daarop dat daar 'n etiese verskuiwing in die kerklike leer plaasgevind het wat deur die nadere Reformasie en die Reveil gevoed is. Dit bring mee dat geloof en werke naas mekaar te staan kom en word die kwaliteit van die gelowige belangriker as die verkondiging van die *iustitia Christi* (Pont 1987: 35).

Die Nederlandse Hervormde Kerk was nie in staat om op dié situasie te reageer nie, ten spyte van die geldende belydenisskrifte, proponentsformule en die Dordtse Kerkorde van 1618-19. Rasionalisme en sekularisme oorwoeker 'n teologie wat aan die skolastiek uitgelewer is. Reaksie daarop kom uit etiese hoek, en loop uit op die kerklike afskeiding deur Hendrik de Cock in 1834 (Van 't Spijker 1985b). Die moontlikheid dat die Kerk in die negentiende eeu so kon verword ondanks belydenisskrif en kerklike orde, is en bly 'n waarskuwende les vir die kerk tot op die jongste dag. Dit toon aan dat geloof bely moet word, en nie mag vereng tot bepaalde formules wat kosmeties van aard is, en nie meer die hart van die geloof verwoord nie.

2.5 Die Kerkorde van die Nederlandse Hervormde Kerk van 1 Mei 1951

Die lang tydverloop tussen 7 Januarie 1816 en die nuwe Kerkorde van die Nederlandse Hervormde Kerk wat op 7 Desember 1950 goedgekeur, en op 1 Mei 1951 in werking gestel is (Balke & Oostenbrink-Evers 1993: XXXV), bring die siniese woorde van Noordmans onwillekeurig in

gedagte toe hy gesê het: 'Een der meest eigenaardigheden van de organisatie van 1816 is haar vermogen om te duren. Bij de pogingen om haar te breken zijn geslachten versleten, zonder dat er merkbare ruimte tussen haar voegen kwam' (Noordmans 1984: 209). Die woorde van Noordmans kan met goeie gevolg ernstig geneem word. In die tydperk van honderd vyf en dertig jaar wat verloop het, kan reeds die afleiding gemaak word dat dit nie maklik was om van die opgelegde Reglement ontslae te raak nie. Bronkhorst (1945: 39-42) bied 'n volledige lys van pogings wat sonder sukses aangewend is om aan die situasie verandering te bring. Wesenlik was dit so dat die stryd om verandering eintlik eers momentum begin kry in die tien jaar voor die aanbreek van die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945), en met die oprigting van die twee verenigings Kerkherstel en Kerkopbouw. Dit is voorafgegaan deur die besluit van die sinode op 11 Augustus 1927 om 'n kommissie vir die reorganisasie van die Kerk te benoem (Bartels 1946: 8). Die resultaat van die poging tot herstel wat aangedui word as die Ontwerp-1929, word tydens 'n buitengewone samekoms van die sinode in sitting van 7-10 Januarie 1930 verwerp (Balke & Oostenbrink-Evers 1993: XX). 'Van de lange rij pogingen om de kerk van een besturenkerk weer te maken tot een belijdende kerk was het voorstel van 1929 een van de belangrijkste en het was dus niet denkbaar, dat de verwerping van dit voorstel tevens het einde van de strijd om een belijdende kerk zou betekenen' (Bartels 1946: 34).

Op 10 Junie 1930 word dan by Amersfoort *die Nederlandsch Hervormd verbond tot Kerkherstel* opgerig as poging uit konfessionele hoek om die Kerk te ontworstel van sy verlede. Kort daarna op 16 Februarie 1931 kom uit etiese rigting die vereniging Kerkopbouw in Utrecht tot stand. Alhoewel die verhouding tussen die twee verenigings nie heel gemaklik verloop het nie, was daar egter meer aan die positiewe kant te vind soos uit die volgende uitspraak blyk:

Een zeer gunstig gevolg van het optreden van beide verenigingen was ook, dat de oude richtingsverschillen

meer op de achtergrond begonnen te geraken. In Kerkherstel, hoewel confessioneel gekleurd, verenigden zich Hervormden uit alle groepen der orthodoxie en Kerkopbouw, hoewel etisch van karakter, heeft aan het kerkelijk leven een grote dienst bewezen door reëel contact te leggen met het rechts-modernisme.

(Bartels1946: 46)

Die toenadering tussen beide verenigings, hoewel onverwags, loop daarop uit dat 'n akkoord aanvaar word wat in die winter van 1935-36 saam met sinodale waarnemers gevorm is, tydens die sinodale vergadering van 6 Augustus 1936, aanvaar en gepubliseer word (Bartels 1946: 145). Op dieselfde vergadering word besluit om 'n reorganisasie-kommissie te benoem, wat met die aanvaarde akkoord ernstig rekening moes hou. Die resultaat van die kommissie kom op die buitengewone sinodale vergadering gehou op 12 Januarie 1938 ter tafel, en word met 'n skrale meerderheid van tien teen nege stemme aanvaar in eerste lesing (Bartels 1946: 162, 166). Hierna is die ontwerp voorgelê aan die provinsale kerkbesture en klassikale vergaderings, wat in tweede lesing op die sinodale vergadering van 10 Augustus 1938 aan die orde kom (Bartels 1946: 201).

Bartels stel dat die sinode so sinodaal was dat hulle nie gebruik gemaak het nie van hulle voorreg wat deur artikel 62 verleen word naamlik, dat hulle 'naar eigen oordeel gebruik maakt van de consideraties der classicale vergaderingen' (Bartels 1946: 203). Die uitslag was teleurstellend. Die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog in die somer van 1939 bring díé fase tot 'n definitiewe stilstand.

Dit was merkwaardig om die invloed te sien wat die slegte nuus van die oorlog tot gevolg gehad het. Ten spyte van die slegte gevolge wat gewoonlik met oorlog gepaard gaan, het dit in die Nederlandse Kerk 'n verstommende ommeswaai tot gevolg gehad. Dit toon andermaal dat voorspoed en dan veral finansiële voorspoed, vir die kerk gerieflik is,

maar nie noodwendig ten goede nie. Anders gestel, kom dit daarop neer dat ongunstige omstandighede waarin die kerk hom bevind, nie vir die kerk sonder meer sleg is nie.

Na de skok van de Duitse inval op 10 Mei 1940 bleek de Kerk één der eerste te zijn, die opstond uit de verlamming, die zich van ons volk meester had gemaakt. Het was Gravemeyer, de secretaris van de Algemene Synode, die vanwege de Algemene Synodale Commissie op 17 Mei 1940 een boodschap zond aan alle kerkeraden. Het was een woord van troost en getuigenis. Het was een schreeuw om Gods barmhartigheid voor Kerk en volk....Het verrassende en nieuwe was echter, dat er vanuit de synode plotseling een leidinggevend woord werd gesproken tot alle gemeenten en dat werd gesproken door heen te wijzen naar de Bijbel.

(Balke & Oostenbrink-Evers 1993: XXII)

Tog was dit duidelik dat die Kerk nie in staat was om uitspraak teen die nasionaal-sosialisme te lewer nie, gewoon omdat die Kerk homself die voorreg ontnem het om 'n profetiese getuienis teenoor die wêreld te lewer. Die inspirerende woorde van professor Hendrik Kramer het baie laat besef dat die Kerk weer kerk moes wees. Gemeentes moes geaktiveer word tot 'waarachtige gemeenschappen, die evangeliseren en die een warm toevluchtsoord zijn voor verslagenen en verdrukten' (Balke & Oostenbrink-Evers 1993: XXII). Dit beweeg die sinode om 'n *Commissie voor Kerkelijk Overleg* in die lewe te roep, wie se werk saamgevat word onder die werkgroep Gemeenteopbouw, wat telkens tot die slotsom gekom het dat die Kerk onder die Algemeen Reglement verstar het. Deel van die insette van Gemeenteopbouw was om 'n subkommissie, *de Commissie voor beginselen van Kerkorde* in die lewe te roep, met die opdrag om uit die bestaande impasse te geraak deur die bestudering van die beginsels van 'n nuwe kerklike orde. 'n

Kommissie word in Februarie 1942 benoem bekend as *de Commissie voor beginselen van Kerkorde* (Balke & Oostenbrink-Evers 1993: XXIII).

Na 'n ietwat moeisame begin vanweë die oorlog kon die werk van die kommissie eers teen Februarie 1943 begin. Die werk het uit twee dele bestaan, naamlik om enersyds die bestuurstelsel van 1816 te vervang, en andersyds om die belydenis en leertug te herstel. Vanweë die feit dat die herstel van die belydenis en die gevolglike leertug wat daaruit spruit pogings tot vernuwing laat struikel het, word deur die Voorsitter Scholten aan die hand gedoen om eers net 'n werkorde op te stel wat die kerk in staat sou stel om die bestuurstelsel van 1816 af te skaf, en te vervang met 'n breë kerklike vergadering wat 'n nuwe kerkorde sou kon ontwerp. Sy voorstel het daarop neergekom dat die 44 classes en die Waalse Reünie elk een afgevaardigde stuur, sodat die 45 afgevaardigdes 'n nuwe meer verteenwoordigende sinode kon vorm. Die kommissie bestaande uit prof mr P Scholten, prof dr S F H J Berkelbach van der Sprenkel, dr E Emmen, ds K H E Gravemeyer, prof dr A A van Ruler, prof dr J Severijn, dr H de Vos en dr H M J Wagenaar het die voorstel aanvaar, en dr Wagenaar het die taak opgeneem om 'n werkorde saam te stel.

Deze werkorde zou het de Kerk mogelijk maken om zelf een nieuwe kerkorde op te stellen.

De werkorde bevatte een korte en eenvoudige regeling, die het bijeenkomen van een nieuwe synode regelde en de taak van deze synode beschreef. Deze taak zou voornamelijk bestaan uit de bevoegdheid om een nieuwe kerkorde te maken...

De commissie kwam ten slotte met een regeling, die zonder grote wijzigingen aan het Algemeen Reglement kon worden toegevoegd. Het bevatte acht zogenaamde additionele artikelen en vijftientig invoeringsbepalingen.

Deze invoeringsbepalingen regelden de wijze waarop het Algemeen Reglement gewijzigd moest worden om het gehele plan vervolgens te kunnen uitvoeren. Het voordeel van dit plan was, dat het Algemeen Reglement nu niet artikel voor artikel behoefde te worden gewijzigd. Deze gedachte is van doorslaggevend belang geweest voor het slagen van de inzichten van de commissie.

(Balke & Oostenbrink-Evers 1993: XXIV)

Tydens die sinodale vergadering van 26 April 1944 word die werkorde met algemene stemming aanvaar. Die eindstemming vind op 25 Julie 1945 plaas nadat die prosedure vir 'n wysiging van 'n reglement nagekom is, en word met met twee en sestig stemme teen twee aanvaar.

Op het historiese ogenblik, waarop deze uitslag in de synode werd bekend gemaak, stond sekretaris Gravemeyer op om een simboliese daad te verrichten. Hij bedekte die Reglementebundel van 1816 met die Bijbel. Hij sprak daarby die bede uit: "dat die Vader van onzen Heere Jezus Christus deur Zijn Heilige Geest zoo sterke, dat die Nederlandsche Hervormde Kerk als Christus belijdende volkskerk die groote opdraght in samenwerking met die andere Kerken kan vervullen en die herkerstening van het Nederlandsche volk kan ter hand genomen worden. *Veni creator Spiritus!*"

(Balke & Oostenbrink-Evers 1993: XXV)

Die werkorde het op 20 September 1945 in werking getree, en gevolg gegee aan die samekoms van 'n nuut saamgestelde sinode op 31 Oktober 1945 wat deur die werkorde geskep is. 'n Kommissie bekend as *Commissie voor de Kerkorde* word op 11 Desember 1945 saamgestel, bestaande uit die bestaande lede van die *Commissie voor beginselen van Kerkorde*, asook lede van die moderamens en ander kundiges.

Lede wat bygevoeg is, was dus: ds J Boonstra, prof dr Th L Haitjema, dr O Noordmans, mr G Vixseboxse, ds H F J Wesseldijk en ds W A Zeydner. Die kommissie het op 24 Oktober 1947 'n *Ontwerp voor een Kerkorde der Nederlandse Hervormde Kerk* aan die Generale Sinode aangebied (Balke & Oostenbrink-Evers 1993: XXVI).

Op 20 Desember 1945 het die kommissie vir die eerste keer byeen gekom. Tydens die vergadering word besluit dat die sogenaamde *bouwplan* van Wagenaar as basis van bespreking sou dien. Laasgenoemde het tydens die afwagting van die besluit oor die werkorde 'n geheel nuwe kerkorde opgestel vir die Kerk. Op 24 Oktober 1947 het die kommissie die *Ontwerp voor een Kerkorde*, na drie en dertig vergaderings, gereed (Balke & Oostenbrink-Evers 1993: XXXIV).

Die oorhandiging het plaasgevind op 24 November 1947 tydens 'n besondere sitting van die Generale Sinode in die Domkerk in Utrecht. Na uitvoerige bespreking aanvaar die sinode die kerkorde in eerste lesing op 14 Oktober 1949, waarna dit aan die provinsiale kerkbesture voorgelê is vir kommentaar. Nadat 6000 amendamente ontvang is, is die kerkorde artikelgewys bespreek deur 'n verdubbelde sinodetal vanaf 20 November tot 7 Desember 1950 toe die finale produk met ses en sewentig teen veertien stemme aanvaar is. Die Kerkorde het op 1 Mei 1951 in werking getree (Balke & Oostenbrink-Evers 1993: XXXV).

Wanneer die 1951 Kerkorde van die Nederlandse Hervormde Kerk van nader bekyk word, val dit op dat die Kerkorde uit twee gedeeltes bestaan wat as kerkorde en ordinansies aangedui word. Met die eerste oogopslag is dit duidelik dat dié Kerkorde heel anders daar uitsien as die Algemeen Reglement van 1816 (Nederlandse Hervormde Kerk 1969=NHK 1969).

In die eerste artikel word gestel dat die Nederlandse Hervormde Kerk ooreenkomstig sy belydenis, openbaring is van die een heilige, algemene, Christelike kerk. Daaruit is dit duidelik dat die Kerk vanuit sy

belydenis homself sien as openbaring van God, en homself as belydende Kerk in die wêreld verstaan wat dus nie gegrond is in die wil en konsensus van sy lede nie. Dit word ook verder in die tweede artikel omlin wanneer gestel word dat lidmate van die Kerk kragtens die genadeverbond tot die Kerk behoort, wat rondom Woord en sakrament vergader. Dit beklemtoon die objektiewe belewenis van die Kerk, en is aanduiding van die feit dat die kerk nie sy bestaan te danke het aan die inisiatief van mense nie (NHK 1969: 11).

Die kerk se orde en werk strek oor die verkondiging van die Woord, die bediening van die sakramente en alles wat daarop volg in rangorde, waarvan die verkondiging van die Woord as die belangrikste beskou word. In diens van hierdie orde word in Artikel 4 gestel dat die ampte die taak het om die orde van Christusweë te onderhou. Ampte is dus nie ten dienste van die bestuurtaak van die kerk nie, maar tot onderhouding van die kerk (NHK 1969: 12).

Artikel vyf (NHK 1969: 13) bevat die sogenaamde anti-hiërargiese beginsel wat wil voorkóm dat vergaderings of ampsdraers oor ander vergaderings of ampsdraers heers. Opvallend in vergelyking met die Algemeen Reglement, is die opstelling van die vergaderings van die ampte vanuit die kerkraad as die primêre vergadering van die ampte, aangesien geen saak op meerdere vergaderings behandel sal word nie as dit nie op die vergadering wat die meerdere vergadering impliseer, afgehandel kan word nie (Artikel V/3).

Die apostolaatskarakter van die kerk word in Artikel VIII omskryf as 'n

Christus-belydende geloofsgemeenskap gesteld in die wereld om Gods belofte en gebode voor alle mense en magte te betuig, vervul die Kerk, in die verwagting van het Koninkrijk Gods haar apostoliese opdragte in het besonder deur haar gesprek met Israel, deur het werk der zending, deur die verbreiding van het Evangelie en de

voortdurende arbeid aan de kerstening van het volksleven in de zin der Reformatie.

(NHK 1969: 15)

Daarop word verder onder andere gestel:

De Kerk richt zich in de verbreiding van het Evangelie tot hen, die daarvan zijn vervreemd, om hen terug te brengen tot de gemeenschap met Christus en Zijn Kerk, blijft in al haar geledingen strijden voor het reformatorische karakter van staat en volk en wendt zich, in de verwachting van het Koninkrijk Gods, in de arbeid der kerstening tot overheid en volk, om het leven naar Gods beloften en geboden te richten.

(NHK 1969:16)

Uit die formulering van die artikel blyk die volkskerklike intensie as 'n poging om die volkslewe te kersten in die sin van die Reformasie. Wanneer díé intensie verwoord word om die owerheid en volk te kersten, word die teokratiese uitgangspunt aan die orde gestel as 'n proklamasie om die lewe na die beloftes van God en sy gebooie te rig.

Die belydende karakter van die Kerk word in Artikel X (NHK 1969: 16) verwoord wanneer die Heilige Skrif as die bron vir die prediking, en reël vir die geloof belydend gestel word. Die belydenis geskied ook in die vergaderings van die ampte in gemeenskap met die vadere, in verantwoordelikheid tot die hede en met die oog op die toekoms in Jesus Christus. Die belydenis is 'n belydenis van die selfopenbaring van die Drieënige God.

Die verskillende belydenisskrifte word by die naam genoem, sodat daar geen twyfel kan wees oor die inhoud van die Kerk se belydenis nie. Verder bely die Kerk in sy prediking, getuienisse, kanselboodskappe, herderlike briewe, kerkliedere, gebede, formuliere, leerboeke en

belydenisskrifte, Jesus Christus as Hoof van die Kerk en Heer van die wêreld.

Laasgenoemde belydenis is die mees wesenlike vir enige Reformatoriese kerkorde, en plaas meteen die totale dienswerk van die kerk in al sy geledinge onder die heerskappy van Christus. Die belydenis onderskei die kerk van 'n vereniging van die wêreld en 'n kerkorde van die konstitusie van 'n vereniging.

Die artikels en die ordinansies van die kerkorde verkeer nie op dieselfde vlak nie. Die onderskeid lê in die feit dat dit moeiliker is om 'n artikel van die kerkorde te wysig, as 'n ordinansie. Artikel XXVIII 4, 5 (NHK 1969: 22) bepaal dat die finale stemming oor die wysiging van 'n artikel van die kerkorde deur 'n verdubbelde sinode geskied na vooraf kennisgewing, terwyl 'n wysiging van die ordinansies slegs deur die normale aantal afgevaardigdes hanteer word. Die feit dat selfs 'n ordinansie eers aan kerkrade ter insae gestuur word volgens artikel XXVII 4, dui aan dat ordinansies ook in rangorde belangriker geag word as die gewone besluite van die Generale Sinode.

Die gebruik om die kerkorde met ordinansies aan te vul, dien dus as kommentaar en nadere uitleg van die artikels van die kerkorde.

2.6 Die 1951 Kerkwet van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

Bogenoemde Kerkwet van die Nederduitsch Hervormde Kerk het sy ontstaan te danke aan die besluit van die Algemene Kerkvergadering van 11 Mei 1948, om 'n nuwe uitgawe van die Kerkwet uit te gee wat alle wysigings bevat tot op datum (Van Wyk 1991: 171). Wanneer die onderhawige Kerkwet met die Kerkorde van die Nederlandse Hervormde Kerk vergelyk word, is daar 'n opvallende ooreenkoms wat spruit uit die feit dat die kommissie wat saamgestel is om die nuwe kerkwet daar te stel, dit goed gedink het om 'n eksemplaar van die

Kerkorde van die Nederlandse Hervormde Kerk aan te vra wat op 1 Mei 1951 in gebruik gestel is (Van Wyk 1991: 173). Die invoering van die Kerkwet van 1951 het 'n kerkordelike verloop sedert Die Algemeen Reglement van 1824 (Pont 1991: 216), vervang deur die 1842-Kerkwet, waartydens ook die naam van die Kaapse Kerk verander is van Nederduitsch Hervormde Kerk in Zuid-Afrika, na Nederduitsch Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika (Pont 1991: 262; Botha 1963: 34; Coertzen 2000: 253).

Die 1824-Kerkwet was die geldende kerkordelike reëlings wat in die Kaap gegeld het en wat later, nadat diegene wat die Kaap verlaat het, deur die 1842-Kerkwet vervang is. Eersgenoemde is ook dikwels in die Transvaalse Kerk gebruik vir sover dit nie in stryd was met die aangenome beginsels nie (Botha 1963: 26). Dit was eers later, op 24 Oktober 1863, wanneer die Kaapse Kerkwet amptelik vervang word deur die Reglementen van de Nederduitsche-Hervormde Kerk in de Zuid-Afrikaanse Republiek (Pont 1963: 36; Storm 1989:131). Pont wys daarop dat die kerkreg wat aan die Kaap beoefen is en deur die Kerk in Transvaal oorgeneem is, deur die kollegialistiese beginsels beïnvloed is. 'Dat die negentiende eeuse kollegialistiese beginsels in ons kerklike orde ingewef was, is reeds in 1924 deur S P Engelbrecht gekonstateer en dat dié beginsels van 'n totaal ander aard is as die fundamentele beginsels vir die inrigting van die Kerk wat deur Calvyn op grond van die Heilige Skrif neergelê is, is ook al meermale betoog' (Pont 1963: 37). Die kerkwet word in 1869 hersien en geld tot in 1904. Die wet van 1904 het met wysigings bly geld tot die vervanging deur die Kerkwet van 1951.

Die invloed van die Kerkorde van die Nederlandse Hervormde Kerk van 1951 was duidelik in die Kerkwet van 1951 sigbaar. Dié Kerkwet het bestaan uit 24 artikels wat die wet uitmaak het, terwyl die bepalinge 19 hoofstukke beslaan het (NHKA 1951). Die eerste weergawe is aangevul en gewysig sodat die Kerkwet wat in 1997 deur die Kerkorde

vervang is, uit 25 artikels bestaan het en aangevul is deur twee honderd en vier bepalings (NHKA 1992).

As enkele belangrike sake uitgelig word, is dit duidelik dat die belydende karakter van die Kerk en sy verbondsmatige kerkbegrip, baie duidelik in artikels 1 en 2 beklemtoon word. Die feit dat die gemeente die verskyningsvorm van die Kerk is op elke plek, met die byvoeging dat die Kerk uit al sy gemeentes bestaan, moet nie misgekyk word nie. Daarnaas word die teokratiese trekke in die Kerkwet duidelik, as in artikel 9.4 bely word dat die Kerk 'betuig teenoor owerheid en volk die heerskappy van God op elke terrein van die samelewing en die eis dat die samelewing ingerig word volgens die beloftes en die wil van God' (NHKA 1992: 4). Verder kom die kern van die Presbiteriaal-sinodale stelsel aan die orde wanneer 'telkens opnuut Christus as Hoof van die Kerk en as Heer van die wêreld' bely word (NHKA 1992: 5).

Vervolgens word in artikel 6 na die anti-hiërargiese beginsel verwys, waar gehandel word oor die vergaderings van ampsdraers, en kom die anti-independentistiese beginsel in artikel 13.4 na vore waar oor die Kerkboek gehandel word. Die formulering funksioneer hier veral in ekumeniese verband, terwyl in Bepaling 12.12 gehandel word oor besluite wat op die Algemene Kerkvergadering geneem, en bindend is op alle gemeentes van die Kerk nadat die besluit geneem is (NHKA 1992: 3, 6 en 22).

Die Kerkwet van 1951 soos gewysig tot en met 1992, was 'n kerkorde wat die basiese beginsels van die presbiteriaal-sinodale stelsel reflekteer het. Ten spyte daarvan was dit jammer dat die kerkorde as 'n kerkwet bekend gestaan het, wat moontlik daartoe bygedra het dat die genuanseerde aard en gebruik van 'n kerkorde nie tot sy reg gekom het nie. Dit is veral versterk deur die feit dat die rotasiebeginsel nie konsekwent toegepas is nie. Die 1992-Kerkwet het bepaal dat 'n ouderling of diaken, verkieslik nie na meer as drie agtereenvolgende ringsvergaderings afgevaardig word nie (Bepaling 7). Dieselfde het

gegeld met betrekking tot lede van die ringskommissie (Bepaling 9, 6 en 7). By die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering is gestel dat geen ampsdraer vir langer as twee termyne vir dieselfde posisie verkies word nie (Bepaling 12 8). Die invoeging van die woord *verkieslik*, het rotasie vir alle praktiese redes opgehef. Dit het noodwendig daarop uitgeloop dat ampsdraers vir selfs dekades op die Kommissie gedien het, wat aan die Kommissie 'n redelik prominente plek in die Kerk besorg, en veral aan die telkens kontinuerende voorsitter, besondere voorrang verleen het.

2.7 Die Kerkorde van die Nederduitsch Hervormde Kerk sedert 1997

Op voorstel van die ring van Noordelike Pretoria tydens die twee en sestigste Algemene Kerkvergadering in sitting vanaf 25 Junie tot 1 Julie 1989, word 'n besluit aanvaar om die huidige Kerkwet na 'n kommissie van ondersoek en studie te verwys met die oog op herformulering, herrangskikking en aanpassing indien nodig. As motivering word die volgende gestel:

Die kerkwet is die neerslag van die kerk se verstaan van homself en sy roeping in die konkrete historiese gegewenheid van sy eie dag, op grond van sy omgang met die Bybel en die belydenisskrifte.

Die kerkwet praat op die oomblik nog met 'n swaar aksent van die teologie van die Nederlandse Hervormde Kerk uit die jare vyftig. Vir die kerk kan dit net goed wees as die Kerkwet opnuut onder oë geneem word sodat die aksente van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika se eie teologie in sy Kerkwet sal spreek.

(NHKA 1989: 273)

Die werksaamhede aan die nuwe Kerkwet het bestendig gevorder, en is uiteindelik tydens die buitengewone Algemene Kerkvergadering wat plaasgevind het op 30 Junie 1997, en volgende dae, finaal goedgekeur en in die Kerk in werking gestel.

Die Kerk het met die invoering van die Kerkorde gekies vir die benaming kerkorde, wat die gebruiklike term is vir die ordende reëls van die kerk, wat sedert die Sinode van Middelburg 1581 gebruiklik is (Jansen 1952: 7).

Tweedens is dit duidelik dat die begrippe artikels en bepalings weggeval het, vir die keuse om die gedeelte wat voorheen as die wet by wyse van artikels, te vervang met 'n kerkorde wat in ordereëls verdeel is. Daarnaas is die bepalings vervang met ordinansies wat ook na elke ordereël aan die orde kom. Die nuwe Kerkorde bestaan uit tien ordereëls wat telkens deur 'n aantal ordinansies gevolg word. 'n Verdere opvallende onderskeid is dat elke ordereël in vetdruk, gevolg word deur 'n verdere uiteensetting van die bepaalde ordereël, en daarna deur die ordinansies wat as kommentaar en verdere praktiese uiteensetting van die ordereël gesien kan word. Dit is opvallend dat die Kerkorde die belydenis voorop stel as aanduiding van die belydende karakter van die Kerk, en is tiperend van hoe die Kerk homself sien. Die eerste ordereël wat handel oor die belydenis word gevolg deur die ampte, vergaderings van die ampte, gemeentes en kerk, verkondiging, verband met ander kerke, huwelik, gesin en opvoeding, dissipline, kerklike goedere en kerkorde.

Daarnaas bevat die Kerkorde geformuleer in Ordereëls 3 en 8, die kernbeginsel dat Jesus Christus die enigste Hoof van die kerk is (NHKA 2001: 36, 95), die bekende maar noodsaaklike anti-hiërargiese beginsel (Ordereël 3), asook die anti-independentistiese beginsel, ekumenies gesien (Ordinansie 1.2.3, 1.3.2) en binne kerklik beskou [Ordinansie 3.8.3 (xii)] .

Dit is tekenend van besondere vooruitgang in die kerkregtelike denke van die Nederduitsch Hervormde Kerk dat die rotasiebeginsel in die Kerkorde ingeskryf is, óók op sinodale vlak sodat die figuur van die kontinuerende voorsitter van die Algemene Kerkvergadering verdwyn het, daar 'n huidig verkose voorsitter slegs twee termyne as voorsitter mag dien, of selfs lid van die Kommissie mag wees [Ordinansie 3.8.3 (vi)].

Vir sommige sal dit opmerklik wees dat die bekende artikel 3 van die Kerkwet verval het. Tog is die saak behou in 'n meer kerklike formulering in Ordereël 4, naamlik: 'Die Kerk is 'n volkskerk met sy eie kerklike kultuur, geskiedenis, taal en tradisie wat geroepe is tot die verkondiging van die evangelie van Jesus Christus aan die Afrikanervolk en tegelyk aan alle mense'.

Die Kerk erken in sy Kerkorde slegs drie kategorieë van predikante, naamlik predikante in gemeentes, predikante met 'n besondere opdrag en predikante wat geëmeriteer het (Ordereël 2.1.1). Wesenlik is daar slegs twee moontlikhede, naamlik diensdoenende predikante, en emeriti. Die keuse was duidelik bedoel om weg te doen met die sogenaamde deelydse-, Bepaling 150 predikante en pastorale hulpe wat volgens die Kerkwet moontlik was. Daarom is hier weselik 'n keuse gemaak vir die funksionele ampsbeskouing, wat uitgaan van die standpunt dat 'n bedienaar van die Woord al sy tyd en aandag aan sy dienswerk gee. Die uitgangspunt is dus 'n voltydse roeping met volle versorging, óf gedeeltelike versorging óf geen versorging [Ordinansie 2.1.2.1 (ii)] .

Ongelukkig is die saak weer redelik afgewater met die besluite van die ses en sestigste Algemene Kerkvergadering wat nie net die figuur van die deelydse predikant weer ingevoer het nie, maar dit ook moontlik gemaak het dat 'n predikant ampsvoorreg mag behou, selfs sonder om aan 'n vaste werkplek soos aan 'n gemeente, verbind te wees (NHKA 2001b: 48-49). Laasgenoemde is die tipiese figuur van die amptenaar

predikant, wat vanweë praktiese omstandighede, veroorsaak deur die algemene ekonomiese toestand waarin die Kerk sy werk moet doen, onder andere, daartoe lei dat beroepe buite die kerk beoefen word wat nie altyd dien om iemand in staat te stel om predikant te wees en sodoende sy gesin te versorg nie, maar ook vanweë die ruim finansiële voordeel wat dikwels aan sulke beroepe verbonde is.